Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die Ossewabrandwag soek die dinge wat bind — nie die dinge wat skei nie.*

# Die O.B.

*Die Ossewabrandwag vind eenheid in die bande van bloed en vaderlandsbodem.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 25 AUGUSTUS 1943. No. 40.

# Ossewabrandwag die Brug na Nuwe Bedeling

## Dr. van Rensburg oor Historiese Noodwendigheid van Volksbeweging

**Een van die mees besielende volksfeeste sedert 1938 is op 7 Augustus te Bethlehem op luisterryke wyse gevier toe die plaaslike O.B.-kommando die simboliese Ossewatrek van 1938 op indrukwekkende wyse herdenk het. Die K.G. is buitekant die dorp deur 'n groot perdekommando onder leiding van komdt. Abraham Cilliers, voorafgegaan deur 'n honderdtal fietsryers van die Boerejeug onder aanvoering van komdt. Kowie Coetzee, binne die dorp geleide gedoen. Die K.G. was 'n imponerende figuur op die fier en gespierde swart hings wat hy bestyg het.**

Nadat die skilderagtige optog deur die vernaamste strate gegaan het, het hoofkomdte. H. van der Merwe 'n krans op die Burgermonument gelê. Hier het genle. mev. Meyer 'n kort dog besielende rede uitgespreek terwyl die wydings- en slotgebed deur di. D. P. Ackerman en W. A. Krige onderskeidelik gedoen is.

In die aand is 'n groot en geesdriftige vergadering in die stadsaal, wat tot aan die deure beset was, onder voorsitterskap van genl. H. A. J. du Toit deur dr. Van Rensburg toegespreek. Sy rede is telkens deur luide byvalsbetuigings onderbreek. Aanvanklik het die K.G. gesê dat wat die viering van 8 Augustus, die dag waarop die simboliese Trek van 1938 na die Noorde 'n aanvang geneem het, betref is die O.B. die wekker en voorloper van die volk se gewete en dit verheug spr. om te sien dat ander Afrikaanse liggame soos die A.T.K.V. tans ook die voorbeeld en leiding wat die O.B. in hierdie opsig gegee het, volg. Hy wil hoop dat dit ook die gees van 1938 sal laat herleef, toe feesgangers nie partye raakgesien het nie, maar net die Afrikanerdom.

Met betrekking tot die verkiesing het die K.G. gesê dat dit kortliks hierop neerkom: Die Empiremanne is veel sterker in die parlement, die republikeinse Afrikanerdom veel swakker, en die „Labour Party'' relatief minder belangrik. **Meer en meer kry die parlement die stempel van 'n Sap-koukus. Dis al.**

Die O.B. het 'n aanbod gedoen, maar dit is verwerp; nogtans het hy anti-Empire gestem. Die Ossewabrandwag word oral sterker en mense wat mislei was om eenkant te staan, sien in dat hul plig roep en **dat 'n volk nie deur bedankings gered word nie.** Hulle tree tot ons geledere terug — en hulle word as volksgenote verwelkom. Want die O.B. glo dat jy elke jaar en elke dag moet veg — nie net elke 5 jaar in verkiesingstyd nie. En die een onmiskenbare les uit hierdie verkiesing is die magteloosheid van Afrikanerdom om ooit langs daardie pad sy ideaal te bereik.

Danksy die verderflike partypolitiek het die Afrikaner-opposisie wat genl. Hertzog op 4 September 1939 gelei het, gedaal van 69 tot 43. En die teenstanders het gestyg van 81 tot 107. Dis al. Dit help nie om te sê: „ja maar die H.N.P. het 3 setels bygekry nie''. Van wie het hy hulle gevat? Van genl. Smuts? Nee, van mede-republikeine. **'n Volk vra nie of 'n party sterker geword het nie; hy vra of 'n rigting sterker geword het,** en die anti-oorlog-rigting is definitief en onmiskenbaar verswak deur hierdie verkiesing. **D.w.s. verswak binnekant die Parlement. Maar buitekant die Parlement staan sterke en strydende geledere wat hoegenaamd nie deur die verkiesing verswak is nie. Inteendeel,** wat eerder gesterk is. Daar lê die grootste magsfaktor van die Afrikanerdom, sy sterkste wapenskild en ook sy grootste moontlikheid.

Want in die partylose Gesagstaat wat kom, kan die volk homself weer vind. Die hele volk, bymekaar en nie afgehok in kampe nie. Daarvoor stry vandag die Volksbeweging, wat nie vra of jy Nat is of Sap of Smelter of Gesuiwerde of Rooilus of Bloulus nie. **Want hy soek die dinge wat bind, nie die dinge wat skei nie, die dinge wat kleef aan die vaderlandsbloed en die vaderlandsbodem. En hy vra jou nie om aan hierdie of daardie party-program trou te sweer nie. Hy stel dit op die wydste basis wat nasieskap omvat, nl. „My God, my Volk, my Land Suid-Afrika!''** EN WIE DAARDIE TROU HANDHAAF — DIE NOEM ONS AFRIKANER, EN ONS SIEN IN HOM DIE BROER, IN HAAR DIE SUSTER, KINDERS VAN SUID-AFRIKA.

Die afgelope twaalf maande het die taaie voortsetting gesien van die Afrikaner se verset teen Empire en Jingoisme. **Die verset wat nie uit koerantartikels of parlement-toesprake blyk nie, dog wel uit volhardende lyding, met sweet en angs en opoffering in die kampe en tronke van die Empire, en in die selflose offers van Afrikaners, wat self moeilikhede het, om die moeilikhede van noodlydende susters en kinders deur die O.B.-Noodhulpfonds te lenig, want die Noodhulpfonds is die ereskuld van die republikeinse Afrikanerdom.** En die O.B. hoef vir niemand die hoed in die oë te trek nie. In teendeel, **byna alleen moet hy beide die stryd stry en die offers bring en tegelyk die lydende vrouens en kinders van lydende slagoffers oor die ergste nood help.** In 14 maande het die Ossewabrandwag oor die £30,000 aan sulke Afrikanermoeders en Afrikanerkindertjies bestee

Vervolgens het die K.G. verwys na die ontsnapping van 15 jong Afrika-

(Vervolg op bls. 2, kol. 3)

## BOERE VERRIG SELF HUL ARBEID

**Die volgende voorbeeld is nog 'n bewys van die nuwe gees waarmee die O.B. sy lede besiel. Die boere van Bethal en omgewing ondervind ook eindelose moeilikheid met naturelle-arbeid. Die O.B.-lede laat hulle egter nie hierdeur van stryk bring nie. Op 'n O.B.-vergadering gehou te Bethal op 31 Julie, is die arbeidsvraagstuk bespreek en is besluit om gesamentlik arbeidspanne op te maak en dan self beurtelings mekaar se dringende plaasarbeid te verrig.**

## O.B. en Provinsiale Verkiesing — Verklaring van K.G.

**Onderstaande verklaring is deur die Kommandant-generaal uitgereik:**

Die parlementêre verkiesing is verby en ons hoop dat dit die laaste van sy soort is. Intussen staan die Provinsiale verkiesing voor die deur.

Net soos by die parlementsverkiesing het die Ossewabrandwag geen direkte belang nie. Ook geen eie-belang nie, want hy stel geen kandidate nie.

Nietemin word pogings deur aspirant-kandidate aangewend om ons organisasie lokaal in te sleep.

Soos tydens die parlementsverkiesing aangetoon, het die partypolitiek getrag — en geslaag — om die stryd teen die Empire te laat links lê en om alle republikeinse elemente òf in een party te dwing òf om hulle uit te wis. Almal is, wat die parlement betref, sodanig uitgewis.

Maar die Ossewabrandwag is nog steeds buite-parlementêr en aan geen party gekoppel nie **en hy sal nooit deur parlementêre streke kan vernietig word nie.**

Wat die Provinsiale verkiesings betref, bly ons standpunt onveranderd, naamlik: **daar is geen stemverbod, daar is geen stembevel nie.**

Vir diegene wat wil stem en onseker is vir wie hulle moet stem, sê ons: stem indien moontlik vir die kandidaat, sonder aansien van sy party, wat anti-oorlog is sonder om anti-O.B. te wees. As geen sodanige kandidaat verkiesbaar is nie, stem dan desnoods vir 'n kandidaat vir wie u min respek en geen vertroue het nie — maar stem anti-oorlog.

En as alles verby is, onthou die een groot waarheid: **die mede-Afrikaner wat volgens u mening verkeerd gestem het, staan tog nog nader aan u as die internasionale Jood wat reg gestem het.**

(Get.) J. F. VAN RENSBURG.
10 Aug. 1943.

## VERJAARDAGKETTING

**26 Aug.:** Jeanette Nel: (Beaufort-Wes), Hester van Rooyen (Upington).

**27 Aug.:** Charlotte Louw (Tamboerskloof), Cornelis Bosch (Humansdorp), Flossie de Koker (Stellenbosch), Lussana Fourie (Kirkwood), Alidia Langeveld (Woodstock).

**28 Aug.:** Willem Vernooi (Beaufort-Wes), Cecilia Immelman (Sutherland), Giliam Jooste (Sutherland).

**29 Aug.:** Maria Nortje (Beaufort-Wes), Jakobus Marais (Port Elizabeth).

**30 Aug.:** Diederick Strydom (Middletonstasie), Jone Snyders (Upington), Dalina Brits (Beaufort-Wes), Christiaana Brits (Beaufort-Wes).

**31 Aug.:** Sophia Smith (Malmesbury), Danie van Zyl (Paarl), Ericka Ellman (Southfield), Auriel Crause (George), Kosie Hanekom (Malmesbury), Elizabeth Kamfer (Bellville), Petronella Fouche (Bellville), Susanna Brandt (Carnarvon), Jacobus van Greunen (Kirkwood).

**1 September:** Hendrina Klue (George), Martha Vosloo (Port Elizabeth), Gert Smith (Port Elizabeth), Andries van Vuren (Upington), Hendrina van Niekerk (Bellville), Aletta Smit (Bellville), Christa Hechter (Kirkwood).

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.



drosdy die rypste tabak bekend.

drosdy TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU !*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars**

(Eiendoms.) Beperk,

**Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**

Posbus 210. Foon 2-6806.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.**

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

# Daarstelling van Groot Nuwe S.A. Sake Onderneming

## ASOKOR VOORSIEN IN BEHOEFTES VAN BOERE

## PROF. L. J. DU PLESSIS. VOORSITTER VAN DIE DIREKSIE

### STIGTING VAN KARROO-VLEISBEURS

Berig is ontvang van die oprigting van ASOKOR BEPERK .. 'n organisasie waarop gans Suid-Afrika lankal wag — wat hom daarop toelê om die plattelandse Produsent nader na die stedelike Verbruiker te bring.

Omdat 'n groot gedeelte van die maatskappy se kapitaal reeds onderskryf is, kon hy daadwerklike pogings aanwend en op Germiston het ASOKOR onlangs 'n groot- en kleinhandelslagtersbesigheid met uitgebreide verkoelingsgeriewe aangekoop en tans word daar al meer as 300 beeste en 900 stuks kleinvee elke veertien dae geslag.

'n Gedeelte van die vee word reeds van die boer ontvang, geslag en volgens graad en gewig aan hom afgereken. ASOKOR BEPERK se organisasie beoog natuurlik die uitskakeling van plattelandse spekulasie tussen produsent en konsument.

**Die Maatskappy word deur die boere self beheer en besorg dus ook aan hulle regstreekse seggenskap oor die bemarking van hulle eie produkte.**

Die bewerking van die by-produkte van alle produkte vorm die nywerheidsplan van ASOKOR BEPERK. Ons land ondervind tans 'n geweldige tekort aan beenmeel, kunsmis, ens. Volle aandag word bestee aan die vervaardiging van hierdie essensiële stowwe vir die boer.

Die Direksie van ASOKOR BEPERK bestaan op die oomblik uit die volgende persone:

Prof. L. J. du Plessis (Voorsitter),
C. C. Kriel,
Gerard Bekker, L.V.,
A. C. Lombard,
A. Bickel, en
G. Tomlinson.

Hierdie raad moet deur die aandeelhouers met nog vyf direkteure aangevul word en ons verneem dat tot sover, die volgende persone hulle vir direkteure verkiesbaar gestel het:

S. D. Naude, Hanover,
H. L. Smith, Fauresmith.
P. J. Combrink, Michville.
Dr. Otto Krause, Bloemfontein.
Dr. J. C. Pretorius, Bloemfontein.
A. J. van Schalkwyk, Trompsburg.
J. J. Ackerman, Malmesbury.
B. J. van der Merwe, Beaufort-Wes,

Die Algemene Bestuurder van ASOKOR BEPERK is mnr. P. J. Kruger. Die hoofkantoor sal in alle waarskynlikheid in Bloemfontein gevestig word.

Slegs 4,000 aandele van £25 elk is deur die Maatskappy uitgereik waarvan 'n groot gedeelte reeds opgeneem is.

Vriende wat beleggings in ASOKOR-aandele wens te maak, moet sonder versuim met die Algemene Bestuurder, Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein, in aanraking kom.

### DIE KARROO-VLEISBEURS

Die Karroo-Vleisbeurs, die sub-maatskappy van ASOKOR BEPERK, is in Germiston opgerig en staan onder die bestuur van mnr. M. A. Bosman, van Kaapstad. Mnr. Bosman het 'n noukeurige studie van die vleismark gemaak en boonop is hy tenvolle bewus van die spekulatiewe onheile wat tussen die produsent en veral die stedelike verbruiker plaasvind. In mnr. Bosman het die aandeelhouers nie net 'n bekwame besigheidsman nie, maar ook 'n ware boerevriend. Van hom word groot verwagtings gekoester.

**Uit die koelkamers van die Karroo-Vleisbeurs wat 'n kapasiteit het van 100 osse en 500 skape daagliks, word die Maatskappy se eie distribusiedepots of kleinhandel slaghuise wat oral op Germiston versprei is, met hulle behoeftes voorsien. Hierdie kleinhandel-slaghuise verkoop direk aan verbruikers. Op die oomblik het die Karroo-Vleisbeurs reeds 4 sulke slaghuise en binnekort sal moontlik nog twee oorgeneem word.**

Die maatskappy het verskillende groot vleiskontrakte, met 'n totale waarde van meer as £3,000 maandeliks terwyl die omset in die kleinhandel reeds £12,000 maandeliks oortref.

**Die Karroo-Vleisbeurs sal ook in die ander groot verbruikerssentrums opgerig word, b.v. Port Elizabeth, Kaapstad en ander vername plekke. Sodra die maatskappy in die verskillende stede verteenwoordig is, sal aandag bestee word aan die oprigting van binnelandse slagplekke waarvandaan die koelkamers in stede van hul aktuele behoeftes voorsien sal word.**

Die Vleisraad, so verneem ons, verleen alle moontlike steun aan ASOKOR se organisasies maar faktore wat deur oorlogsomstandighede meegebring word, moet degelik rekening mee gehou word. Op die oomblik word daar met belangstelling gewag op die uitslag van die werk van 'n kommissie wat besig is om getuienis in verband met Vleisbemarkingsaangeleenthede in te samel.

**Die Bestuurder, Karroo-Vleisbeurs, Posbus 33, Germiston, is gereed om van aandeelhouers en ander produsente slagvee te ontvang en produsente word aangeraai om regstreeks met mnr. Bosman in aanraking te kom in verband met die uitreiking van die nodige permitte. Stasiemeesters is nie by magte om slagvee sonder 'n permit te laai nie. Dit word beklemtoon dat produsente in geen omstandighede die Vleisbeurs moet teleurstel wanneer hulle om 'n permit gevra het om slagvee aan te stuur nie, aangesien die getal vee wat op die permit aangedui word van die totaal wat die Vleisbeurs geregtig is om te slag, afgetrek word.** Ondersteuners sal derhalwe begryp in watter netelige posisie die Vleisbeurs geplaas word as die aantal vee waarvoor die permit uitgereik is, nie aankom nie.

Ten slotte moet produsente daarop let dat alle vee aan die Karroo-Vleisbeurs, **Germiston-slagpale,** Germiston, versend moet word en dat dit so gelaai moet word om nie op 'n Saterdag of Sondag op Germiston aan te kom nie; in sulke gevalle moet die diere tot Maandag oorstaan. (Advt.)

# *Ossewabrandwag die Brug na Nuwe Bedeling.*

(Vervolg van bls. 1, kol. 2)

ners uit die Johannesburgse fort. **Van daardie 15 jong Afrikaners het ons volk meer besieling geskep in sy krisis as van 'n gelyke — of nog groter — getal parlementsetels! Want die besieling wat uit egtheid en uit historiese onverskrokkenheid kom, is groter en blywender as die lawaai van toevallige of bekonkelde meerderhede in periodiese verkiesings.**

### DIE OORLOG

Met betrekking tot die wêreldbotsing het spr. gesê dat die oorlog 'n revolusionêre oorlog is, 'n botsing tussen lewensbeskouings en stelsels en nie net tussen lande nie. U kan die botsende belange duidelik in die Italiaanse situasie sien. Met die val van Mussolini, die eerste groot staatsman wat sy land van die bolsjewistiese gevaar gered het, is kragte in Italië ontketen wat heeltemal nuwe probleme skep. Kommunistiese koerante en strominge het weer opgeduik en die kapitalistiese Amerika en Engeland staan nou voor die moontlikheid dat, as hulle slaag om Italië neer te slaan, dan wen hul hom net vir die Sowjets. **Want die geskiedenis kan nie agteruit loop nie; die Britse Ryk kan nie terug gaan na Queen Victoria en die Kroonkolonies nie. En as Fascisme val, kan Italië nie teruggaan na die monargie van 1921 nie. Hy sal eerder vorentoe gaan na die Sowjetstaat van 1943.**

Dit sal beteken dat die kommunisme 'n sprong maak vanuit Rusland na Suid-Europa, tot aan die grense van Duitsland, van Frankryk, van die Balkan en van die Middelmeer.

**Hoe groter die gevaar en hoe moeiliker ons volk se posisie, des te groter die noodsaaklikheid vir die Ossewabrandwag. Want die O.B. is nie 'n mooiweersorganisasie nie — hy is juis bedoel vir gevaar, vir tye van revolusie en vir die oorgang tot 'n nuwe bedeling.**

Wat ook van die oorlog word — en ons twyfel nie aan sy verloop nie — een ding staan vas, nl. dat die na-oorlogse tyd die jare van opskudding en omwenteling oor die hele aardbol gaan wees. Want die geskiedkundige ontwikkeling bring onverbiddelik mee dat **die wêreldstruktuur nou sy tempo oorskakel; hy skakel oor van die liberaal-kapitalistiese na die sosialistiese versnelling.** Dit kom nie daarop aan of jy meer hou van sosialisme of van kapitalisme nie. Die kwessie is nie een van keuse nie, net een van aanpassingsvermoë.

En hier kom die historiese taak en historiese noodwendigheid van die Ossewabrandwag. **Van alle nasionale bewegings is hy die enigste een wat in sy mentaliteit en in sy daadkrag radikaal genoeg, revolusionêr genoeg, is om vir die Afrikanervolk die brug te slaan uit die ondergaande kapitalistiese bedeling na die komende sosialistiese bedeling.** Daar is ander nasionale organisasies, maar hulle is te konserwatief; ook is daar ander radikale en revolusionêre organisasies — maar hulle is anti-nasionaal en kommunisties. En die Afrikanervolk, as Christelik-nasionale volk, sal geen anti-nasionale sosialisme sluk nie. Hy wil sy nasionalisme red, want al wen jy die hele wêreld, wat baat dit as jy skade ly aan jou siel?

Net die Ossewabrandwag het die bewys gelewer, drie, vier jaar lank, dat hy nie net nasionalisme en sosialisme preek nie, dog albei uitleef. Uitleef in konsentrasiekampe, in Noodhulpfonds, in dissipline, in onvermoeide stryd. Dis nie 'n kwessie van 'n program nie, dis 'n kwessie van 'n siel en 'n lewenstyl.

### DIE REGERING

Laat my afsluit met nog een gedagte, aan vriend en vyand. Mense vra hulself nou af, hoe die Regering sy nuwe magte gaan gebruik. Sommige angsvalliges bibber nou al oor konskripsie, of nuwe dwangmaatreëls teen die republikeinse element.

Persoonlik glo ek dit nie. Afgesien van ander redes vrees ek dit nie, omdat minister Colin Steyn se politiekespeurders en mnr. Lawrence se interneerbeamptes reeds alles gedoen het wat hulle kan. **As hulle veel verder die boog wil span, dan kan hy breek — met noodlottige gevolge vir almal, nie net vir ons nie.** Nee, hulle sal nie die nuwe magte gebruik teen die Ossewabrandwag nie, want hulle doen dit reeds oor die drie jaar lank onder hul noodregulasies, met kampe en tronke en ander afskrikmiddels. Derhalwe maak die parlementêre magsverskuiwing geen verandering in hul houding teenoor die buite-parlementêre Ossewabrandwag nie. Waar het die Magsverskuiwing dan plaasgevind? Ek sal u sê:

**Van die tweelingbroers: „kapitalisme en imperialisme het die kapitalisme sterker geword deur onafhanklik te word van „Labour-party"-steun,** wat ook imperialisties, maar nie kapitalisties geneig is. En daarom kan wysigings in die Regering se beleid in daardie rigting plaasvind. **Dit is ook moontlik dat die Regering in sy nuwe magsposisie eindelik stappe sal doen om die opkomende kommunistiese gevaar — opkomend veral onder die nie-blankes — teen te werk. Dit is hoog tyd en dis te hope.** Dit sal ook van baie dinge afhang, nie net binnenslands nie, dog ook buitelands — veral buitelands. En ons sê hier, vir almal om te hoor, dat **as die Regering sou oorgaan tot optrede teen die anti-nasionale kommunisme, sal die hele Ossewabrandwag as nasionalistiese Beweging weet waar hy staan. Maar — en dit kan ons nie nadruklik genoeg sê nie: As kapitalistiese elemente wat agter die Regering sit, onder die dekmantel van anti-kommunistiese maatreëls optree teen die arbeidende volksgenote, dan staan die hele Ossewabrandwag dwarsdeur die land honderd persent skouer aan skouer met sy mede-Afrikaner wat arbeider is.** Want ons is anti-komintern omdat ons nasionalisties is, maar ons nasionalisme is definitief sosialisties georiënteer. **Op die Spoorweg, op die paaie, in die myne, in die fabrieke, die werker en die werkster, ons broer en ons suster, wat met albei voete in ons volk en in ons Vaderland staan, is versekerd van die onderskraging van die Ossewabrandwag, hetsy stedelik of plattelands.** En albei, hulle en ons, het een vyand — die internasionale geldmag.

## £2 PER KOP

Die geesdrif binne die Ossewabrandwag kan nie in terme van syfers gemeet word nie, maar wanneer 'n vrouekommando uit die arbeid van hul hande meer as £2 per kop vir 8 Augustus opgelewer het, openbaar dit daardie lewenskragtigheid wat die Ossewabrandwag verhef tot die daadkragtigste van alle organisasies in ons land. Hierdie prestasie is behaal deur die Rondebosch-kommando v[illegible] komdte. mev. Pienaar.

## OFFERVAARDIGHEID BY BRANDWAGTE

VLAKTEPLAAS.—Weereens het die Veldkornette van Vlakteplaas met haar onderoffisiere en Brandwagte getoon dat hulle kan gehoorsaam aan die oproep vir 8 Augustus. Nog nooit het daar op Vlakteplaas dié gees geheers wat 'n basaartjie so 'n sukses kon maak as wat ons gehad het op Saterdag, 10 Julie, op die werf van ons Generaal en Veldkornette. Die geesdrif van samewerking en eensgesindheid het nooit vir een oomblik ontbreek nie. Offervaardigheid was te bespeur by die opveiling van sekere minderwaardige artikels wat goeie pryse behaal het.

'n Gesellige aand is aan die huis van ons Generaal deurgebring, en ons kon ons verlustig om te luister na die opgeruimde musiek van die O.B.-orkes van Oudtshoorn.

Gesamentlik het die De Rust-kommando £120 ingesamel vir 8 Augustus te Hazenjacht en te Vlakteplaas.—(Meegedeel.)

# Gewetenlose Uitbuiting in Stede Van Afrikaner-Meisies

## Prof. Cronje oor Roeping van die Vrou

**Die skandalige uitbuiting van ons jongmeisies deur kapitalistiese fabrieksbase is deur prof. dr. G. Cronjé behandel in 'n lesing voor die kongres van die A.N.S. te Potchefstroom kort gelede. Prof. Cronjé het oor die arbeidstaak van die vrou gepraat, waarvan die eerste deel in 'n vorige uitgawe van Die O.B. verskyn het.**

Ons kan aanneem dat die vrou permanent die terrein van die beroepsarbeid betree het en daar is seker niemand wat so dwaas sal wees om haar daardie reg te ontsê nie, het spreker gesê. Ons het egter reeds daarop gewys dat die vrou kragtens haar natuurlike aanleg nooit haar hoogste roeping in die beroepsarbeid kan vind nie. Die beoefening daarvan is vir haar [illegible] iets tydeliks. Wanneer die vrou egter in die huwelik tree, behoort sy aan die beroepsarbeid vaarwel te sê want dan lê daar vir haar 'n ander en hoër taak voor, nl. die gesinsvorming wat soveel van haar sal eis dat dit nie van haar verwag kan word dat sy ook nog in die beroepsarbeid werksaam sal wees nie. **Met die oog daarop moet veral die inkomste van die man sodanig wees dat hy sy huisgesin behoorlik kan onderhou en vir hulle 'n menswaardige lewenswyse kan verseker.**

Die standpunt wat hier ingeneem word, kom dus daarop neer dat die ongetroude vrou aan die beroepsarbeid 'n aandeel sal hê. Met die oog hierop moet aan die arbeid wat deur die ongetroude vrou beoefen word, verskillende eise gestel word:

Die eerste eis wat gestel moet word, is dat die beroepsvertakkings waarin die vrou werksaam is, veral daardie soorte arbeid moet wees wat 'n versorgings- en opvoedingskarakter dra, soos verpleging, onderwys, maatskaplike sorg, ens. **Die eis moet m.a.w. gestel word dat die vrou soveel moontlik as vrou in die beroepsarbeid werksaam moet wees sodat die egte vroulikheid nie daardeur benadeel sal word nie.** Die deurslaggewende feit moet **altyd** wees dat die jongmeisie wat beroepsarbeid verrig, die toekomstige huisvrou en moeder van die volk is.

Die tweede eis wat aan die beroepsarbeid van die vrou gestel moet word, is dat die arbeidstoestande waaronder sy werksaam is, **sodanig moet wees dat haar gesondheid geensins ondermyn sal word nie. Die arbeid moet so gereël** word dat sy die egte arbeidsvreugde sal smaak. Vandag is in ons land die toestand veel anders as wat dit behoort te wees. Duisende der duisende van ons jongmeisies word op die mees gewetenlose wyse uitgebuit. Hulle arbeidskrag word sodanig uitgemergel en hulle lewenslus sodanig vernie1, dat mens daardie toestande as niks anders an slawedrywery kan bestempel nie.

Die derde eis wat aan die beroepsarbeid van die jongmeisie gestel word, **is dat haar loon sodanig moet wees dat sy daarvan behoorlik en menswaardig kan bestaan sonder dat sy ooit genoodsaak sal wees om haar ongenoegsame inkomste langs 'n ander weg aan te vul en die prooi te word van die sedelike laagheid van daardie duisende mans wat vir ons samelewing sowat die grootste vloek geword het.**

### SKANDAAL

**Die lone waarvoor ons meisies in die fabrieke moet werk is niks minder as 'n skandaal nie.** In die klerefabrieke is die lone b.v. £1 per week vir die eerste 13 weke, £1-10-0 vir die vyfde 13 weke en £2-15-0 vir die elfde dertien weke en daarna.

Die lone van die kleremaaksters is nog slegter: 19/- per week vir die eerste 6 maande en dan eindelik £2-5-0 na drie jaar.

Dit is maar net 'n paar voorbeelde om aan te toon dat ons meisies wat in die fabrieke moet swoeg om te bestaan en dikwels ook moet help om familiebetrekkings te onderhou, slegter as ons kaffers besoldig word.

**Is dit dan 'n wonder dat baie van hulle liggaamlik en andersins te gronde gaan en uit wanhoop hulle toevlug tot die kommunisme neem?**

En terwyl dit alles aan die gang is, terwyl die toekomstige moeders van ons volk deur uitlanders uitgemergel word, is daar nog van ons wat daarin behae skep om die kunsmatige broedertwis onder die Afrikaners uit oorwegings van kriminele eiebelang aan die gang te hou! Dit is voorwaar niks minder as misdadig nie. Die ellendige lot van daardie duisende Afrikaanse fabriekswerksters behoort **alleen** al genoeg te wees om ons byemkaar te laat staan sodat daardie onheil uitgewis kan word.

Die vierde eis wat in verband met die beroepsarbeid van die vrou gestel moet word, is dat haar geestelike en maatskaplike welsyn behoorlik beskerm en bevorder moet word. Daar moet voldoende voorsiening gemaak word vir goeie huisvesting en voeding en veral vir opbouende vryetydsbesteding. Weer is dit die jongmeisies wat in fabrieke werk, wat op die mees skromelike wyse verwaarloos word. Laat ons daartoe kom om 'n einde te maak aan die verderflike stelsel en laat ons eers afreken met daardie fabrieksbaas (en sy geesgenote) wat eendag aan 'n meisie wat kom kla het dat sy nie van haar loon kan bestaan nie, gesê het: „Jy moet nie kla dat jou loon te laag is nie. Jy is mos mooi genoeg!"

Laat ons ook eers die rekening vereffen met daardie individue wat sommige van ons meisies dwing om toe te gee aan hulle laagheid en wat hulle in die pad steek as hulle verkies om hulle eer te behou.

Laat ons dit alles eers doen en dan sal dit nie vir ons nodig wees om die vinger te wys nie want dan sal dit vir al daardie meisies moontlik wees om hulle eer te behou. En daar is sekerlik nie een van hulle wat dit nie sal verkies nie.

Laat my nog daarop wys dat die beroepsarbeid van die vrou vir die volksgemeenskap groot waarde het maar die waarde daarvan is nie so groot en kan nooit so groot wees dat die liggaamlike en geestelike welsyn van ons jongmeisies daarvoor opgeoffer mag word nie.

### GESINSARBEID

Wat die gesinsvorming betref het ons volk voor 'n groot probleem te staan gekom. Dit kom op die volgende neer:

In ons volksgemeenskap word minder kinders in die wêreld gebring as voorheen. Hierdie kleiner kindertal kom veral voor onder die boonste maatskaplike lae wat die beste in staat is om gesonde kinders te hê en aan hulle goeie vooruitsigte te besorg.

Hierdie oneweredige voortplanting van die onderste en boonste maatskaplike lae moet op die lange duur noodwendig tot die verswakking van ons volk ly, biologies sowel as maatskaplik-ekonomies.

Dit is kortliks die probleem. Daar is mense wat sê dat die probleem eenvoudig daarop neerkom dat die arm mense te veel kinders het en dat hulle dus minder kinders moet hê. **Ons verwerp hierdie liberalistiese standpunt en ons stel daarteenoor die standpunt dat daar juis vir die groot huisgesin beter en genoegsame bestaansmoontlikhede geskep moet word.** Hoewel uit die aard van die saak die kindertal nie onbeperk kan wees nie, moet baie beslis verklaar word dat die sogenaamde „beleid" van geboortebeperking bloot negatief is en nooit op iets positiefs kan uitloop nie.

In hierdie verband moet daarop gewys word dat 'n groot deel van die volk, en veral die groot stedelike middellae, die huweliksluiting om ekonomiese oorwegings uitstel en om dieselfde redes die kindertal baie sterk binne perke hou. Wanneer hierdie volkslae die kindertal om ekonomiese oorwegings beperk, is dit iets wat die volkstaat tot daadwerklike optrede moet aanspoor omdat die lewenskragtigheid van die volk ernstig in gevaar gestel word.

**Dit is die plig van die staat om doelbewus 'n beleid van positiewe gesinsvorming te volg, o.a. deur die verhoging van die welstandspeil en lewenspeil van die gesin te bevorder, die koste van lewensonderhoud te verlaag, beter en goedkoper volkshuisvesting te voorsien, die groot huisgesin te bebevoordeel deur die belastingstelsel, ens.**

Die volkstaat behoort egter 'n nog meer spesifieke beleidsrigting met die oog op die bevordering van die gesinsvorming in te slaan. Veral moet in aanmerking geneem word dat groot getalle van ons jongmense bloot om finansiële redes die huweliksluiting moet uitstel. Dit is nie in die belang van die volk nie. Daarom sal van 'n stelsel van rentelose hulweliksvoorskotte veel verwag kan word.

Dit is die bedoeling dat bepaalde bedrag aan die egpaar voorgeskiet word sodat hulle in staat gestel kan word om meubels en ander huishoudelike benodighede te koop. Aldus word hulle dan in die geleentheid gestel om 'n eie huishouding aan die gang te kry. Ons moet beklemtoon dat dit baie dikwels die ekonomiese onvermoë is om sulke dinge aan te skaf wat die oorsaak daarvan is dat die huwelik langer uitgestel word as wat behoort te wees.

By die toekenning van die huweliksvoorskotte moet natuurlik welstandspeil, liggaamlike en geestelike geskiktheid vir die huwelik e.d.m. in aanmerking geneem word.

Wat die terugbetaling van die voorskot betref, kan dit so gestel word dat dit binne b.v. tien jaar moet geskied, maar dat by die geboorte van elke kind een-kwart van die voorskot sal verval. Wanneer die minimum aantal kinders wat elke gesin behoort te hê, nl. vier, gebore is, verval die hele voorskot. Die huweliksvoorskot word dan as't ware 'n huweliksgeskenk van die staat aan daardie egpaar.

Al die huislike versorgings- en opvoedingsarbeid van die vrou staan in verband met die gesinsvorming. As ons die gesinstaak van die vrou op hierdie wyse stel, is dit duidelik dat daar in die volksgemeenskap geen ander arbeidsvertakking is wat hoër geskat kan word as die gesinsvorming nie.

Van nature is die vrou die spil waarom die gesinsvorming draai. Sy is die gesinsvormer, die bouer van die huisgesin en dus ook die vernaamste bouer van die volkslewe waarvan die huisgesin die kern is.


## Schoemanello Drank...

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (6/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

**Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**



Die Afrikaner-motoreienaar se tuiste in die teenswoordige motorwêreld.

Sy sterkte en Mekka in die na-oorlogse motorwêreld. Sorg dat u daarin bly as u reeds 'n TREKKER is — of sluit sonder versuim aan.

V.M.K. BPK.,
Groote-Kerkgebou,
Adderleystraat,
KAAPSTAD,

VLAM, BPK.,
Groote-Kerkgebou,
Adderleystraat,
KAAPSTAD.

*Takkantore dwarsdeur die' Unie van Suid-Afrika en Verteenwoordiging in Suidwes-Afrika.*



MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

## „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

***DIE PRENT VAN DIE JAAR.***

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- **Verering van Boerehelde.**
- **'n Blik uit die slag van Amajuba.**
- **Die Stille skoonheid van die Wildtuin.**
- **Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.**
- **15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.**

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf-Vertoning.)*

IN KAAPLAND, GEBIED A :

| | | | |
|---|---|---|---|
| MAITLAND .. .. .. | 19 Aug. | CALEDON .. .. .. | 25 Aug. |
| BELLVILLE .. .. .. | 20 Aug. | HEIDELBERG .. .. | 26 Aug. |
| KAAPSTAD .. .. .. | 21 Aug. | GEORGE .. .. .. .. | 27 Aug. |
| BONNIEVALE .. .. | 23 Aug. | OUDTSHOORN .. .. | 28 Aug. |
| MONTAGU .. .. .. | 24 Aug. | UNIONDALE .. .. | 30 Aug. |

*Hoofartikelblad Advertensies*

Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie kolom opgeneem teen 10/- per duim.

KOOP U EIE

**O.B.-Skryfblok** .. .. .. **2/6 elk.**
**O.B.-Musiekbundel** .. **2/6** „
**K.G.-Portret** .. .. .. **1/-** „
**K.G.-Knopies** .. .. .. **1/-** „
**Vierkleur-Vlaggies** .. **1/-** „

KENNIS IS MAG ! !

Lees:

(1) Die O.B. Vanwaar en Waarheen .. .. .. .. **1/-** elk.
(2) Gesonde Huisgesinne bou 'n Lewenskragtige Volk **9d.** elk.
(3) Drie toesprake van die K.G. oor
a. Parlementsverkiesing
b. Die Soldate
c. Die Kommunisme .. **9d.** elk.
(4) Lewensbeskrywing en eerste drie toesprake van die K.G. .. .. .. .. .. **6d.** elk.

**OOK DIE VOLGENDE BELANGRIKE BROSJURES:**

1. Demokrasie of Volkstaat (deur dr. P. J. Meyer) **9d.** elk.
2. Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat .. .. .. .. .. .. **9d.** „
3. Toekomstige ordening van die Volskbeweging in S.A. **9d.** „
4. Die Vooraand van ons Vrywording .. .. .. .. **9d.** „

**Bly op hoogte met die Doel en Strewe van die Ossewabrandwag.**

Bestel dadelik u voorraad by:—

Publicité
Handelsreklamediens
(Edms.) Bpk.
Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

O.B.-MUSIEKBUNDEL.

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel ! !

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandwaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

*Prys 2/6 Posvry.*

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

Bestel nou by:—

Publicité
Handelsreklamediens
(Edms.) Bpk.
Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

DIE O.B., WOENSDAG, 25 AUG. 1943

# Hoef nie te Veg Daaroor

Die besluit wat voorverlede week deur die Afrikaners van Malmesbury geneem is, waarvan daar 'n verslag in hierdie uitgawe verskyn, spreek van die diepe behoefte wat daar by ons volk bestaan om nouer te sluit in plaas van weg te stoot. Die rigting wat hierdie vergadering ingeslaan het, was om op geen formele ooreenkoms aan te dring nie, maar slegs hul eenheid te **bely.** Ons het al tevore beklemtoon dat eenheid nie by wyse van **ooreenkomste** bereik kan word nie — in teendeel lei dit net tot verwyte van woordverbreking. Ons volk is een **gebore** en dit is net so onnodig om daardie eenheid by wyse van kontrak te gaan „skep" as wat dit onmoontlik is om 'n hele volk binne die een of ander politieke organisasie in te sluit. **Al wat nodig is, is dat ons as Afrikaners mekaar erken en waardeer as volksgenote wat almal dieselfde doel beoog — al verskil ons op die oomblik oor die metode van hoe daardie doel bereik moet word en al behoort ons aan verskillende organisasies.** Waar die partypolitiek dus skeuring en verdeeldheid gebring het, is dit slegs nodig om die stryd te staak en die eenheid sal vanself groei. Bloed vloei en sodra die kunsmatige grense van partypolitiek uitgewis word, vloei die bloed van 'n volk weer saam. Ons hoef geen sterker bewys vir hierdie waarheid aan te voer nie as die Ossewatrek van 1938. Vir vier maande het ons volk sy kunsmatige politieke grense vergeet. Daar was nie gevra of iemand 'n Sap of Nat is nie, daar is slegs gevoel dat VOLKSGENOTE nou bymekaar is op Afrikaanse bodem. Ons het mekaar aangespreek as „ooms" en „tantes", „neefs" en „niggies". **Ons het 'n bloedeenheid geword in plaas van 'n party-eenheid. En is daar een enkele persoon wat sal betwis dat hierdie toestand van geluk nie die ideaal is waarna ons almal streef nie?**

**TWEE METODES**

Daar is twee metodes wat vandag aangewend word om hierdie ideaal van volkseenheid te bewerkstellig. Die een is die metode van die **partypolitiek** wat daarop aandring dat alle volksgenote by die **eie-party** moet kom **aansluit,** dan sal daar volkseenheid wees.

Daar is geen land en in geen land 'n party wat nie volkseenheid sy hoofstrewe maak nie. **Elke party in watter land ook al, beywer hom vir volkseenheid binne sy eie gelede're.** Ons kan slegs die partypolitieke geskiedenis van alle lande vir die afgelope halwe eeu nagaan om die hopeloosheid van hierdie metode te ontdek. In ons eie land het ons sedert 1910 van twee tot tien politieke partye of groepe ontwikkel. **In plaas van daardie eenheid wat elke party na streef, het ons 'n toenemende verdeeldheid van twee tot tien gehad.** In Italië was daar in 1922 voor Mussolini se oorname van die bewind nie minder nie as **sewentien** opposisiepartye, elk waarvan na volkseenheid gestreef het. Voor Hitler 'n einde aan verdeeldheid gebring het, was daar in Duitsland **sewen-en-veertig** partye wat elkeen na volkseenheid gestreef het. Eers toe die partystelsel deur Hitler afgeskaf is, het die Duitse volk 'n eenheid gehad van meer as 99 persent by die stembus.

**DIE OORSAAK**

Dit is die uitspraak van die geskiedenis oor die metode van die partypolitiek. Maar laat ons net die oorsaak van die mislukking aanstip. **Die partypolitiek is GEGROND op die beginsel van VERDEELDHEID. Dit veronderstel minstens twee partye, naamlik 'n amptelike regeringsparty en 'n amptelike opposisieparty. Volksverdeeldheid word dus in die land se konstitusie erken as 'n voorwaarde vir staatsbestuur — ook in ons eie grondwet wat die parlementêre regering aanvaar. En nou begin die getwis tussen Sy Majesteit se regering en Sy Majesteit se opposisie. Die politieke lewe van die staat word niks anders nie as 'n wedren om die eerste en tweede plekke tussen die twee of meer partye.** En in hierdie wedren word gebruik gemaak van enge metode — van stoelpote tot vrot tamaties, van selfverheerliking tot naaste-belastering. **Alles in die strewe na eenheid.** Volksgenote van die een party skel hul volksgenote in die ander party uit vir nazi's of hanskakies, vir Britse Sappe of Duitse Sappe, vir verraaiers of national scouts — **alles in die strewe na volkseenheid.** En intussen word lede van die eie-party nog uitgeskop, gekoukus of van ampte onthef weens gewaande ontrou.

Dit vereis inderdaad geen Salomo om te besef dat op hierdie wyse nooit volkseenheid verkry kan word nie. Jy kan nie jou mede-Afrikaner vir 'n volksverraaier uitskel en hoop dat hy jou môre weer 'n broederlike kus sal gee nie — veral nie as die gevaar bestaan dat daardie kus as 'n Judaskus vertolk kan word nie.

En die praktyk wys dan ook die mislukking van hierdie metode op afdoende wyse uit. Hierdie rigting ontwikkel tot 'n volheid van magteloosheid.

**REGTE METODE**

Stel nou hierteenoor die eenheidsgedagte van die Ossewabrandwag. Sy uitgangspunt is **dat ons volk 'n eenheid gebore is. Dit is die bloed en harte wat die grondslag van eenheid vorm en nie die lidmaatskap van een of ander organisasie nie.** Ons maak geen aanspraak daarop dat ons volkseenheid binne die Ossewabrandwag sal kry in die sin dat alle volksgenote by die Volksbeweging sal aansluit nie. **Ons besef dat tienduisende goeie en opregte Afrikaners nooit lid van die Beweging sal word nie, maar dit beteken nog nie dat hulle deur ons as vyande beskou en behandel sal word nie. Ons waardeer die bydrae tot volksdiens van elke Afrikaner — selfs daardie Afrikaner wat vandag offers bring vir die oorlog in die oortuiging dat dit in belang van sy land en volk is. Want as hy bereid is om vir sy volk te offer, hoe verkeerd sy insig ook al is, het ons waardering vir sy gesindheid. Sy bloed is onvervreembaar en as sy gesindheid teenoor sy volk reg is, dan is hy 'n waardige draer van Afrikanerbloed ongeag sy verbygaande politieke oortuiging. Dit is in hierdie gees dat die Ossewabrandwag kan sê dat hy selfs daardie Afrikaners wat hom tans nog beveg, reeds beskou as mede-stryders en dit was in hierdie gees dat die Ossewabrandwaglede tydens die afgelope verkiesing gaan stem het vir kandidate wat die doodvyande van hul organisasie is. Want die Ossewabrandwag sien in elke Afrikaner 'n mede-stryder vir die volksaak, en al verskil ons tans in optrede, ons besef dat ons bloed weer voor op die pad sal saamstroom.**

**REEDS GESLAAG**

Elkeen sal besef dat hierdie metode om eenheid te herstel moet slaag, want ons kan alleen bymekaar kom as ons uitgaan van die standpunt dat ons volk **elke** Afrikaner, waar hy ook al vandag is, nodig het en sal hê in sy stryd tot selfverwesenliking. En dat hierdie metode van die Ossewabrandwag geslaag het, word reeds deur die praktyk bewys. **'n Predikant van 'n Oos-Transvaalse dorp het onlangs [illegible] klaar dat hy vroeër sewentien kerkraadslede gehad het van wie twee Nasionaliste en vyftien Sappe was. Tans bestaan sy kerkraad uit twee Nasionaliste en vyftien Ossewabrandwaglede.** Die roepstem van die bloed is beantwoord, en waar die kunsmatige mure van vyandskap en partyskap afgebreek word, daar vloei dit saam. Ons kan die ideaal van die Ossewabrandwag vergelyk met 'n kragtige stroom water. In die middel is die bewegende stroom, die volksbeweging. Al verder na die kante is die beweging minder sterk totdat daar selfs water is wat glad nie vloei nie. **Nogtans bly dit een rivier, een geheel van water.** So is 'n volk. Daar is die kragtige bewegende kern en daarbuite die minder beweeglike volksgenote, **maar een en almal vorm hulle deel van die groot geheel.** Dit is volkseenheid, en as jy dit in dié lig beskou, hoef mens ook nie meer te veg met mekaar oor eenheid nie.

**DANKBETUIGING**

Komdt. F4c1 wil langs hierdie weg sy hartlike dank en waardering uitspreek aan alle offisiere en brandwagte van sy kommando vir die pragtige samewerking tydens O.B. dag op 7 Augustus. Die vroue-afdeling verdien veral genoem te word. Hulle is min maar kragtig. Hou moed en hou aan, ons is op die pad na oorwinning.

# Min of Meer Belangrik

## *Magteloos teen Vreemde Gif*

In die Engelse pers word gewag gemaak van 'n voorstel deur 'n sekere vereniging aan die kommissie van volksgesondheid vir die oprigting van staatsbeheerde ontughuise in ons land. Die voorstel is deur 'n dokter van Durban bestry op grond van gesondheidsoorwegings.

Die Afrikanervolk voel dank verskuldig aan daardie dokter al is dit dan ook maar net vir die wetenskaplike besware wat hy gemaak het, veral daar ons as volk met lede oë moet aanskou hoe die verderflike idees van die liberalisme in ons vaderland deur vreemdelinge ingevoer word sonder dat ons in staat is om daarteen op te staan.

* * *

## *Op Britse Lees*

Genl. Smuts het aan 'n afvaardiging van die Kamers van Koophandel wat hom gaan spreek het in verband met die Unie se ekonomiese toestand, verduidelik dat ons bemarkingswet **„op die Britse wet geskoei is".** „Die rade wat kragtens hierdie wet in die lewe geroep is, het geblyk nie met welslae te werk nie", het die Eerste Minister daaraan toegevoeg. Hy het voorts verduidelik dat hul mislukking toegeskryf moet word aan onvoorsiene en onvermydelike moeilikhede wat in verband met landbouprodukte ontstaan het.

Hier het ons dus nog 'n bewys hoe noodlottig dit is om Britse stelsels en wette eenvoudig op ons land met sy anderse vraagstukke en toestand te wil toepas. Totsover was dit die beleid om alles wat Brittanje doen, met huid en haar oor te neem — selfs die verbod op weerberigte wat in Engeland genoodsaak was weens die nabyheid van die vyand. Miskien sal genl. Smuts meer uitrig as hy groter gebruik maak van die Boere-oorspronklikheid wat dertig jaar van verkeerde geselskap hom seker nog nie heeltemal ontneem het nie?

* * *

## *Inderdaad Skeef*

In 'n artikel in Boerdery in Suid-Afrika word beweer dat die boere se inkomste, met insluiting van die natu-

(Vervolg op bls. 5, kol. 4)

MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en verskerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee, Groente, Vrugte, Voer en Vee.

Volkskopermark
BPK.
MÔREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.

## DIE OSSEWABRANDWAG BOU OP 'N VOLK



*Die doel van die Ossewabrandwag is om ons volk so voor te berei en te dissiplineer dat hy in staat sal wees om te enigertyd en met elke middel die geleentheid te baat te neem wat die omstandighede mag bied vir die herwinning van ons volk se verlore vryheid. In hierdie stryd bou die Ossewabrandwag nie op stemme nie, maar op 'n volk. Indien die volk gedissiplineerd en verenig is, hoef hy ook geen vrees te koester vir die stembus nie.*

*Die Afrikanerdom is hierdie keer by die stembus vernietigend verslaan. Die buite-parlementêre wapen staan nog ongeskonde. Die Ossewabrandwag is onoorwonne.*

# Ossewabrandwagdag met Skitterende Welslae Bekroon

## Rekord-Opbrengste Oral Ingesamel

**Ossewabrandwagdag wat hierdie keer op 7 Augustus gevier is, het geblyk 'n skitterende welslae te wees. Uit alle oorde is berigte van groot verbetering op verlede jaar se inspanning ontvang. Sommige plekke het hul opbrengste verdubbel en oral het daar 'n wonderlike gees van samewerking geheers. Kenmerkend van meeste funksies was die heelhartige ondersteuning van Afrikaners buite die Beweging wat in baie gevalle gepaard gegaan het met talryke nuwe aansluitings. Dit is egter nie hoofsaak nie, want die Ossewabrandwag tel nie volksgenote in terme van lidmaatskapkaarte nie.**

**Totsover het die Paarl die beste presteer met die skitterende bedrag van £900. Die ses kommando's van Paarl alleen het £700 opgebring wat meer as dubbel die bedrag van verlede jaar is.**

Blykens berigte wat tot dusver uit Gebiede E en F (Transvaal) ontvang is, berig ons korrespondent, was die funksies wat reeds gehou is, deur besonder groot geesdrif en offervaardigheid gekenmerk. Immers, uit die voorlopige verslae wat ingekom het blyk dat O.B.-lede vanjaar bereid was om in baie gevalle selfs groter geldelike offers te bring as wat verlede jaar die geval was.

Waar die Primrose-kommando verlede jaar die hoogste opbrengs vir die Rand behaal het toe hulle £93 met Fondsdag ingesamel het, is hierdie syfer reeds oortref deur talle Randse kommando's van wie verslag ontvang is. Alberton, Boksburg-Noord en Benoni het by voorbeeld daarin geslaag om elkeen £130 en meer in te samel. Verwag word dat die syfers vir die Randse kommando's oor die algemeen hoër sal wees as verlede jaar.

Ook in Pretoria het dit nie aan geesdrif en offervaardigheid ontbreek nie. Die generaalskap het 'n gesamentlike funksie op 7 Augustus gehou en kon die mooi bedrag van £600 byeenbring. Prof. L. J. du Plessis, Beleidstudiehoof van die O.B., was die feesredenaar by hierdie geleentheid.

Ook op die platteland het dit nie aan offervaardigheid ontbreek nie. In die distrik van Rustenburg het twee veldkornetskappe alleen £200 byeengebring en die funksie op Rustenburg self het £180 opgelewer. Prof. dr. H. M. van der Westhuyzen, Gebiedshoofgeneraal vir Noord-Transvaal, het met hierdie funksie as spreker opgetree.

Genle. mev. C. H. Rautenbach, Hoofvroue-offisier vir Gebied F, het die funksie op Lydenburg bygewoon en dit het ook hier alles goed verloop. Die opbrengs is nog nie bekend nie.

Mev. genle. K. Malan, Hoofvroue-offisier vir Gebied E, het ook op 7 Augustus 'n vol program gehad. Sy het op daardie dag drie funksies bygewoon. Eers op Taaiboschspruit in die Potchefstroomse distrik, daarna op Ventersdorp en toe op die plaas Rietfontein naby Lichtenburg. Die funksies was oral met welslae bekroon en 'n goeie opbrengs word verwag.

Gebiedshoofgeneraal Louis Bootha het op O.B.-dag die funksie op Potchefstroom toegespreek en ook hier het dit nie aan geesdrif en vlyt ontbreek nie. Hy het ook 'n funksie in die distrik bygewoon. Ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad was op 7 Augustus die feesredenaar op Louis Trichardt. Op talle plekke moet nog funksies gehou word.

Uit die voorlopige berigte kan nou reeds die gevolgtrekking gemaak word dat, wat Transvaal betref, daar vir die vyande van die O.B. 'n groot ontnugtering wag. Diegene wat die O.B. as 'n ,,geraamte'' voor hul geestesoog opgetower het, sal deur hul eie spook die skrik op die lyf geja word.

### UPINGTON

Wonderlike geesdrif het op 7 Augustus in Upington geheers toe Ossewabrandwagdag met groot welslae gevier is, berig genl. D. Strauss. Offisiere en Brandwagte het pragtig gewerk en na verwag word, sal 'n bedrag van tussen £800 en £900 ingesamel wees.

### MOORREESBURG

Moorreesburg se Brandwagte het met die viering van 8 Augustus ondanks die reën 'n baie geslaagde byeenkoms gehad en ook daar soos op ander plekke het onkeerbare geesdrif geheers. **'n Bewys daarvoor is die geval waar 'n man en vrou sewe myl ver gestap het om oor die Bergrivier te kom ten einde vervoer na die dorp te vind.** Die jeugfront het ook ywerig gewerk en altesame is totsover £65 ingebring. Daar is egter nog bedrae uitstaande.—(Meegedeel.)

### WILLOWMORE

Die Willowmore-kommando het Ossewabrandwagdag gevier op die plaas Rooiblom. Die opkoms was besonder goed, en daar het 'n pragtige gees van samewerking en goeie gesindheid geheers.

As feesredenaar by die verrigtinge het opgetrte hoofkomdt. George Brink van Mosselbaai. Die basaar het £40 opgebring.—(Meegedeel.)

## VOLKSBEWEGING WIL ALLE KRAGTE GEBRUIK

### Geen Volkslid Uitgesluit

Die volksbeweging beliggaam die volksideaal om alle vertakkinge van die volkslewe nasionaal te besiel en te verenig in een magtige lewenstroom gerig op die verwesenliking van die nasionaal - politieke volksbestemming deur inlywing en gebruikmaking van alle kragte wat in die volkslewe skuil, so vér nodig vir die bereiking van hierdie doel. Hierdeur verskil dit wesenlik van 'n politieke party, wat op 'n aparte terrein werk waarin ander volksorganisasies nie mag inmeng nie, wat die volksbestemming dikwels op die agtergrond moet stel en selfs volksgenote moet beveg terwille van parlementêre sukses by die kiesersmassas, en wat volksgenote uitsluit en volksvreemdes insluit op grond van 'n wisselende papierprogram.

**Die Volksbeweging daarenteen staan oop vir alle volksorganisasies en alle volkslede, en vir hulle alleen, en sy enigste blywende en altyd onafgebroke op die volksbestemming-gerigte program is die vaste beleidsbeginsels wat God self volgens sy Selfopenbaring in die Heilige Skrif, in die volksgeskiedenis skryf en in die hart van elke volksgenoot.**

Die Volksbeweging is uit sy wese gekant teen alles wat volksverdelend en andersins volkskadelik is, en daarom ook teen die parlementêre partystelsel, maar dit is goedgesind teenoor alles wat volksbevorderend en volksverenigend is, en daarom ook teenoor bestaande volkspartye **solank as hulle nog 'n goeie doel kan dien, mits hulle in alle beslissende gevalle saamwerk teen die volksvyande en nie alle volkskrag verbrokkel deur onderlinge stryd nie.**—(Beleidsbeginsels.)

## GESELLIGE AAND WORD VASTE INSTELLING

'n Baie aangename aand is Woensdag, 28 Julie, deurgebring by komdte. M. M. Willemse aan huis. In samewerking met komdte. Uys is 'n gesellige aand gehou ten bate van die Noodhulpfonds, en die Brandwagte as ook baie goedgesinde vriende het 'n groot welslae daarvan gemaak en 'n mooi bedrag ingesamel by wyse van 'n silwerkollekte. Hulle het ook besluit om 'n vaste instelling daarvan te maak en eenkeer per maand in Kommando F2a2 so 'n gesellige verkeer te reël. Alle Brandwagte en vriende word uitgenooi om mee te doen. Die datum en plek sal later in elke maand bepaal word. —(Kor.)

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

## HULPVERLENING

In gevolge ons berig in Die O.B. van die Kerk se oproep insake die droogte in die Klein-Karroo, het 'n aantal persone bydrae aan ons gestuur. Ons wil net die aandag van lesers daarop vestig dat hoewel die Ossewabrandwag reeds sedert 'n jaar gelede hulp verleen het aan daardie volksgenote, dit 'n saak vir ons hele volk is. In Die Burger is 'n lys geopen vir bydrae waarop van O.B.-kant ruimskoots al bygedra is. Op Parow b.v. het die O.B.-kommando 'n kollekte gehou wat byna £100 opgebring het. Ons wil lesers daarom aanmoedig om hul bydrae aan Die Burger te stuur, sodat die verlening van hulp deur een kanaal kan gaan. Bydrae wat aan ons gestuur is, sal ons aan die regte gesag oorhandig. Die Ossewabrandwag as vryheidsbeweging bestee maandeliks £2,000 aan hulp aan gesinne wat in die stryd om vryheid getref is. Dit is 'n reuse-taak waarin ons Beweging bykans alleen staan. As beweging kan hy dus nouliks nog voortou neem om volksnood op ander terreine te lenig. Daarom doen ons 'n beroep op almal wat kan, om die sentrale fonds vir hierdie besondere nood te steun.

Van J. H. v. d. Merwe, Bellville, het ons 10/- ontvang en van die Belleville Vrouekommando £25 wat gekollekteer is.

## MIN OF MEER BELANGRIK

(Vervolg van bls. 4, kol. 4)

relle-bevolking, slegs 12 persent van die land se inkomste uitmaak. Die artikel beskryf die toestand as sorgbarend as in aanmerking geneem word dat byna 700,000 blankes en 6,000,000 nie-blankes, d.w.s. 70 persent van die bevolking van boerdery afhanklik is.

Inderdaad 'n treffende bewys van die oneweredige verspreiding van rykdom in 'n kapitalistiese land. As die arbeiders se nietige inkomste ingesluit word, sal die verhouding nog baie skewer blyk te wees.

* * *

### *John Bull in sy Element*

Die Engelse dreig in hul pers om voor Kersfees vyftig Duitse stede met die grond gelyk te maak. **Dit sal 'n volslae offensief wees, aangesien hele stede die skywe sal wees en hulle met die grond gelyk gemaak sal word,** lui dit in die berig. Volgens hierdie dreigement blyk dit dat Groot-Brittanje nou die oorlog aan vroue en kinders aangesê het — net soos hy dit in 1900 in Suid-Afrika gedoen het toe dit geblyk het dat hy nie in staat is om die militêre mag van sy teenstander te breek nie.

'N

GULDE GELEENTHEID

IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ......................................................................

......................................................................

## OP DIE SPOOR VAN DIE OSSEWA VYF JAAR GELEDE



5 Jaar gelede, 18 Aug., het die waens Bonnievale aangedoen waar hulle binnegelei is deur 'n kommando van 100 perde. Teen die heuwel by die ingang van die dorp het 'n skare vroue gestaan en „Prys den Heer" gesing toe die waens tot stilstand kom. Terwyl die waens nog gestaan het, het die skoolseuns die datums 1838-1938, in wit klippe teen die rug van die rant uitgepak, onthul.

Die plan was dat die Kerk later hierdie stuk grond sou aankoop en dat daar 'n Voortrekkerwa ook in wit klippe uitgepak sou word. (Soos verlede week berig, het die Ossewabrandwagkommando tans die grond gekoop.)

Die goeie ou gewoonte om mekaar as „oom" en „tante", „neef" en „niggie" aan te spreek, het herleef op elke plek waar die waens aandoen.

Die Ossewabrandwag sit die trek verder voort!

# Groot Oplewing van Geesdrif in Vrystaat Ondervind

## K.G. Hou Mooi Vergaderings

**Drie Ossewabrandwagdagvierings in die oostelike Vrystaat is bygewoon deur die Komdt.-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, nl. te Fouriesburg en Paul Roux op 6 Aug. en die Vrystaatse hooffees te Bethlehem op 7 Aug.**

Ten spyte van die snerpende koue, petrolskaarste en die feit dat baie Brandwagte siek aan die griep lê, was die geesdrif en groot opkomste kenmerkend van aldrie funksies. Die K.G. het sy tevredenheid te kenne gegee oor die gees van opoffering en samewerking wat so vaardig onder die Brandwagte is.

Genl. J. F. van der Merwe, Gebiedshoofgeneraal van Gebied C, genl. mev. C. Meyer, hoofvroueoffisier en hoofkomdte. mev. H. C. van der Merwe, het die K.G. vergesel. Die twee eersgenoemdes het ook dergelike feeste op Marquard en Clocolan bygewoon en die aanwesiges toegespreek.

Genl. H. A. J. du Toit, in wie se generaalskap Bethlehem, Fouriesburg, en Paul Roux val, het die geëerde gaste verwelkom op Fouriesburg waar 'n groot perdekommando hulle ingewag het. Voor die stadsaal was 'n erewag van vroue in wit O.B.-rokke opgestel met komdte. mev. Van Rooyen in bevel. Behalwe die K.G. is die Brandwagte ook deur genl. Van der Merwe en mev. Meyer toegespreek. Ongeveer 500 mense het die vergadering bygewoon.

Van Fouriesburg is die K.G. en ander offisiere na Paul Roux waar hulle buite die dorp deur 'n lang stoet motors ingewag is. Ten spyte van 'n gure suidewind het die Brandwagte almal opgestel gestaan om die hoofoffisier van die Ossewabrandwag te ontmoet. Die K.G. het sy waardering hiervoor te kenne gegee en verklaar dat die opoffering in die koue 'n goeie bewys van die getrouheid van die Paul Roux-kommando's is. Die stadsaal was die aand gevul met 400 mense — 'n uitmuntende opkoms vir so 'n klein dorpie.

Op Bethlehem het 'n generaalskapsametrekking die volgende dag plaasgevind. Die besoekers is buite die dorp ontmoet deur 'n perdekommando en 'n fietskommando van die Boerejeug. Meer as 100 fietse het deelgeneem aan die optog. Vooraan het die Boere-dogters gestap wat 'n ossewaentjie getrek het; dan die seuns op trapfietse, gevolg deur 'n ossewa getrek met 'n span rooi Afrikanerosse; daarna het die perdekommando gekom en heelagter 'n lang ry motors.

'n Plegtige kranslegging het plaasgevind by die Burgermonument van 1864 se Basotoe-oorlog waar die krans deur hoofkomdte. Van der Merwe gelê is. Die Bethlehemse O.B.-koor het „Slaap Rustig dappere Helde" gesing, terwyl genl. Du Toit die saluut geneem het.

Groot geesdrif het op Bethlehem geheers en die K.G. se toespraak is deur sowat 800 mense aangehoor.

Opmerklik op al die plekke was die talle nie-brandwagte wat die verrigtinge bygewoon het. Selfs die basaars wat op al die genoemde dorpe gehou is, is deur buitestaanders bygewoon en ondersteun.

Onder voorsitterskap van genl. Du Toit het die vergaderings op al die plekke baie ordelik afgeloop.

**Dit was verbasend om te sien hoe gedissiplineerd die offisiere en Brandwagte in hierdie deel van die Vrystaat is as in gedagte gehou word dat dit uitsluitlik boere is wat baie ver vanmekaar af woon.**

**Die opkoms op al die plekke was bokant almal se verwagting, en oral waar 'n mens kom, hoor jy van nuwe inskrywings van persone wat wil toetree tot die Ossewabrandwag.**

Die O.B.-orkes onder leiding van veldkt. mev. Bester, het baie daartoe bygedra om die atmosfeer te veraangenaam.

Na afloop van die toer het die K.G. in 'n onderhoud verklaar dat hierdie geweldige oplewing en daadkragtige geesdrif in alle gebiede waargeneem word sedert die verkiesing. In Natal het hy op klein plekkies groter vergaderings toegespreek as wat nog ooit daar gehou was.

## REEKS VERGADERINGS IN TRANSVAAL GEHOU

Op 31 Julie is 'n reeks geslaagde O.B.-vergaderings oor die hele Gebied E (Witwatersrand) gehou. Die vergaderings is deur die Gebiedshoofkwartier in medewerking met die Kultuur- en Voorligtingsafdeling gereël.

Aangesien die verkiesingsuitslae toe reeds bekend was, kon die sprekers die betekenis van die parlementêre verkiesing vir ons volk se vryheidstryd behandel. Die uitslag het die standpunt van die Ossewabrandwag bevestig, nl. dat ons vryheidsideaal nie deur 'n parlementêre party verwesenlik kan word nie. Die stryd van die Afrikanerdom is in hoofsaak 'n buite-parlementêre stryd en hierdie taak rus op die O.B. Intussen het die O.B. hom deur sy reorganisasie dan ook ten volle toegerus om hierdie verantwoordelike taak te aanvaar. Daarom is die voortbestaan van die O.B. vir ons meer noodsaaklik as ooit tevore.

Prof. L. J. du Plessis, Beleidstudiehoof van die O.B., het op Heidelberg en Brakpan opgetree. Prof. dr. A. J. H. van der Walt, Sekretaris van die Grootraad, het na Amalia en Christiana gegaan. Gebiedshoofgeneraal H. M. van der Westhuyzen (Noord-Transvaal) en hoofgenl. J. G. S. Opperman het vergaderings in Johannesburg en voorstede toegespreek. Prof. D. J. van Rooy, Jeugleier van die O.B., het in Alberton opgetree, dr. P. J. Bothma, waarnemende Finansiehoof van die O.B., op Krugersdorp, genl. G. Puren, Noodhulp-stafhoof, te Ermelo en Paardekop, genl. S. J. Labuschagne en hoofkomdt. J. D. Herholdt te Lichtenburg. Sannieshof en Ventersdorp, en mnr. F. J. du Plooy te Bronkhorstspruit en Bethal.

## DIE SICILIAANSE VELDTOG

Die lidderinq aan die Italiaanse toon is afgesny. Die Siciliaanse veldtog van byna ses weke het in 'n Brits-Amerikaanse besetting van die hele eiland geëindig. Die tyd vir nabetragtings het aangebreek.

Toe die Geallieerdes op 10 Julie met oorweldigende land-, see- en lugmagte voor Sicilië verskyn het, het dit hulle alles voor die wind gegaan. Nie alleen het die landings byna geen teenstand ontmoet nie, maar die Siciliaanse soldate, die swakste Italiaanse soldate, het by tien-duisende oorgegee. Geen wonder dat in Geallieerde kringe die besetting van die hele eiland binne enkele dae in die vooruitsig gestel was nie. Toe het die ontnugtering gevolg. By Catania en van hier na die noordkus het die Geallieerdes bitter weerstand ontmoet. Hierdie keer was dit veral twee Duitse divisies wat deur hulle taaiheid die Geallieerde besetting van die eiland vir ongeveer vier weke vertraag het.

### Wat leer die Siciliaanse Veldtog ons?

Uit die Siciliaanse veldtog is dit geoorloof om 'n paar gevolgtrekkings te maak. Dit is duidelik dat 'n eiland met sy lang kuslyn moeilik verdedigbaar is teen aanvallers soos die Geallieerdes wat oor 'n geweldige getalsoormag op land, ter see en in die lug beskik. Dit is duidelik dat die Geallieerdes in staat was om genoeg skepe, vliegtuie en soldate vir die veldtog te vind en 'n sukses daarvan te maak. Dit is nie bekend wat die verliese van die Geallieerdes is nie. Hoofsaak egter is dat Sicilië verower is en dat die Geallieerdes 'n belangrike sukses behaal het wat hul posisie in die Middellandse See nog verder sal begunstig.

'n Tweede gevolgtrekking is dat die Italiaanse verset in Sicilië uiters swak was. Die Siciliaanse troepe het geen veglus aan die dag gelê nie en dit skyn ook of dit hulle aan die nodige wapentuig en toerusting ontbreek het. Die verloop van die Siciliaanse veldtog is 'n bevestiging van die mening dat Italië van die begin 'n vyfde wiel in die Spil se strydwa was en dat Fascisme geen oorlogshelde van die Italiane gemaak het nie.

Met die oog op die maklike landing van Geallieerde troepe in Sicilië en die militêre ineenstorting van aansienlike Italiaanse strydmagte gedurende die eerste dae van die veldtog, is die verset van die paar Duitse en Italiaanse divisies in die omgewing van Catania des te merkwaardiger. In hierdie verset teen 'n oorweldigende oormag kan daar van 'n ineenstorting van watter aard ook al geen sprake wees nie. Die Geallieerde oorlogsberiggewing het herhaaldelik van hierdie taai verset melding gemaak en op die feit gewys dat min gevangenes en oorlogsbuit ingebring kan word. Die Siciliaanse veldtog het weereens geleer dat 'n klein mag van gedetermineerde verdedigers die wêreld baie moeilik kan maak vir 'n oormag van aanvallers. As die Duitse bewering, soos Reuter dit aan ons meedeel, waar is dat die Spiltroepe met al hul materiaal en voorrade uit Sicilië na die vasteland van Italië oorgeplaas is en dat daar tans „'n ten volle toegeruste leër met al sy tenks, kanonne en voertuie ongeskonde" op Italiaanse bodem is, dan is die gevolgtrekking geoorloof dat selfs die oormag op land, ter see en in die lug waaroor die Britte, Amerikaners en Kanadese beskik het, nie alles kan vermag nie. Op baie propagandiste in Geallieerde kringe wat die Siciliaanse onderneming as 'n piekniek in die vooruitsig gestel het, behoort die stryd op hierdie Italiaanse eiland 'n ontnugterende uitwerking te hê.

### Wat nou?

Dit is duidelik dat die groot strydmagte van die Geallieerdes wat op die oomblik in Sicilië saamgetrek is, nie vir garnisoenwerk op die eiland nie maar vir ander dienste bestem is. Wat gaan hierdie dienste wees en waar sal hul plaasvind? Oppervlakkig gesien lyk dit die aangewese taak van die Geallieerdes om van Sicilië af na die paar myl verwyderde Italiaanse vasteland oor te steek. 'n Grootskaalse inval in Italië het egter ook sy probleme soos 'n blik op die landkaart van Italië elkeen kan oortuig. Dit is maklik vir 'n vyand om Italië vanuit die noorde binne te val, soos die groot Hannibal en baie veroweraars na hom gedoen het, as om die lang opmars van uit die suide te aanvaar. Dit is derhalwe nie onwaarskynlik dat die Geallieerdes voorlopig hulle aandag aan die verowering van ander eilande in die Middellandse See sal skenk nie. Daar is b.v. Sardinië, Korsika, Kreta en die Dodekanese wat van Spiltroepe gesuiwer kan word. Daar is ook nog ander moontlikhede. Invalle kan b.v. op verskillende plekke van Europa gelyktydig gewaag word. Veel sal afhang van toestande in Rusland en van die druk wat Stalin op sy bondgenote sal uitoefen. Daar sal in elk geval vinnig gehandel moet word, want die Europese somer nader sy einde. Die hardnekkige weerstand van die paar Duitse divisies in Sicilië mag miskien 'n onaangename voorsmaak van komende gebeurtenisse wees.

## Bydraes tot Kindersorgfonds

Gebied „A."

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mnr. D. de Villiers Die Strand .. | £1 | 0 | 0 |
| Mev. C. W. Basson Stellenbosch .. | 1 | 0 | 0 |
| Mnr. J. de Vos Kaapstad .. .. .. | | 7 | 6 |
| Mev. dr. J. S. du Toit Seepunt .. | 1 | 0 | 0 |
| Mev. Van Zyl Kaapstad .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Mev. dr. Van Zyl Kaapstad .. .. | | 5 | 0 |
| Mev. dr. J. S. du Toit Seepunt .. | 1 | 2 | 6 |
| | £5 | 15 | 0 |

## Boerejeug

| | | | |
|---|---|---|---|
| Danie Brink, Sutherland .. .. .. | £1 | 0 | 0 |
| Ockert du Toit, Wellington .. .. | | 2 | 6 |
| | £1 | 2 | 6 |

## JEUGOFFER

Rita Wolmarans (6 jaar) van Karreedouw het 8/- gestuur vir die kindertjies wie se pappies in gevangeskap verkeer. Dit is ingesamel deur die verkoop van koffie na 'n O.B.-vergadering.

SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.



## SAAGBANK NOG NIE VERKOOP

Die saagbank wat deur hoofkomdt. J. D. Geldenhuys van Parow vir Ossewabrandwagdag geskenk is, is nog nie van die hand gesit nie. Daar het verskeie navrae totsover gekom, maar die Kommandant beskou die aanbiedings as onvoldoende vir die waardevolle stuk werk. Hierdie gereedskap is deur 'n bekwame ingenieur vervaardig en die laagste prys waarvoor dit verkoop sal word, is £75 — aansienlik laer as die huidige markwaarde. Daar is dus nog geleentheid om aanbiedinge te doen. Dit gaan na die hoogste aanbod.

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**

by

**Steyns**

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. Herefordstraat, GROBLERSDAL Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

**WEES DIE TROTSE EIENAAR**

— van 'n —

*SILWERPLEET*

VOORTREKKER-KOMMETJIE

Dienlik as

*'n Suikerpot*

**6/- Elk**

Wat elke BRANDWAG moet Besit . . . .

*'N EEUFEES-SLEUTELKETTING*

*1/6 elk*

**Uniewinkel**

(Ko-operatief) Beperk

Geregistreer onder Wet No. 28 van 1922.

Posbus 909, PRETORIA.

# Afrikaners van Malmesbury Bely Hul Eenheid

## Optrede Egter Veroordeel deur Dr. Malan

**'n Afrikanerskare wat die stadsaal van hoek tot hoek gevul het, het op 11 Aug. te Malmesbury saamgekom om hul volkseenheid te bely. Die byeenkoms is deur ds. H. J. Pienaar gelei en met gebed geopen.**

Die vergadering was die gevolg van samesprekings tussen die plaaslike leiers van die Ossewabrandwag en die H.N.P. met die oog op nouer samewerking in belang van die volk, en na toesprake gehou is, is die volgende besluit eenparig en met geesdrif geneem:

(1) Ons geloofsbelydenis: Ons hier vergader, lede van die H.N.P. en die O.B., glo: (a) dat die Afrikanervolk bestem is om 'n vry en onafhanklike volk te wees; (b) dat dit die taak van hierdie geslag is om doelbewus daardie bestemming uit te werk; (c) **dat ons daartoe die verenigde kragte van alle anti-imperialiste nodig het; (d) dat die drang tot eenheid tans sterker as ooit tevore in die volksiel brand; dat die sielkundige oomblik om daardie drang te bevredig nou aangebreek het;** (f) dat ons leiers mekaar die broederhand sal reik as hul volgelinge dit in alle opregtheid gedoen het.

(2) Ons metode van aksie: Om hierdie belydenis in werklikheid uit te leef onderneem ons nou: (a) om soos die trekkers van weleer so dikwels op die mees kritieke oomblikke gedoen het, **die broedertwis te staak en saam laer te trek; (b) om nie langer na onderlinge geskilpunte te soek nie, maar eerder na punte van ooreenkoms wat die grondslag kan vorm van toekomstige samewerking;** (c) om niks en niemand toe te laat om verdeeldheid onder ons te saai nie; (d) **om ons onderskeie bewegings oop te stel vir iede van die ander, en om dit niemand ten kwade te dui wat nie van beide wil lid wees nie.**

(3) Oproep: Om die so innig begeerde eenheid 'n volkswye omvang te laat aanneem, doen ons hiermee 'n baie ernstige beroep op alle eenheidliewende Afrikaners om die gedagte in hierdie besluit vervat, met alle ywer te propageer. Eendrag maak mag!

Die besluit is deur die plaaslike leiers van albei kante onderteken.

### Dr. Malan Maak Beswaar

Die Burger van 17 Augustus bevat dr. Malan se kommentaar op hierdie besluit, wat as volg lui:

„Hy (dr. Malan) verwelkom van harte enige tekens van toenadering wat sig tussen republikeinsgesinde Afrikaners openbaar en hy neem aan dat dit te Malmesbury aan beide kante in alle opregtheid geskied het. **Hy het egter ernstige beswaar teen die weg wat ingeslaan is, nl. dat besluite wat die Party in die algemeen raak, geneem word deur mindere besture of selfs individue in samewerking met bestaande persone of liggame en wel met verbygaan van hul eie hoëre en meer verantwoordelike partybesture en leiers. Die euwels wat hieruit kan ontstaan, lê voor die hand en om daardie rede hoop hy dat die voorbeeld nie verder nagevolg sal word nie.** In die onderhawige geval kan die uitwerking selfs die teenoorgestelde wees as wat **beoog word.**" Aldus dr. Malan in Die Burger.

**Dr. Malan verklaar voorts dat artikel 2(d) vertolk kan word as 'n aandrang by die Party om die bepaling dat sy ampsdraers nie lede van die O.B. mag wees nie, op te hef,** en daarom wil hy hom vereenselwig met 'n verduideliking dat dit nie die bedoeling is nie, aangesien die beperking op Partyampsdraers „onder bestaande omstandighede" moet bly voortbestaan.

## BLOED EN HARTE ONS MAATSTAF

In een van ons dorpe bestaan daar 'n O.B.-orkes met 'n ywerige groepie musikante. Hulle is almal Afrikaners en skep 'n behae daarin om hul volk te dien met die talente wat hulle ontvang het. Onlangs kom 'n Afrikaner wat 'n vooraanstaande posisie in 'n politieke party beklee, na een van die O.B.-offisiere en sê: „Maar wat maak julle dan met 'n Sap in julle orkes? Kyk daar sit 'n Sap. Wat maak hy hier by julle?"

Hierdie arme partypolitiek-verdwaasde Afrikaner se oë het nog nie oopgegaan vir die heerlike waarheid dat ons volk sy kinders nie tel by die getalle van partye of organisasies nie, maar by die harte wat Afrikanerbloed pomp. **Die lidmaatskap van 'n party of organisasie bepaal nie die Afrikanerskap van 'n man nie, maar die bloed wat in sy are vloei en die hart wat soek om sy volk te dien. Vir die Ossewabrandwag is hierdie maatstaf voldoende en alleengeldend.**

## STAP 11 MYL NA PRENT OOR VOLKSDISSIPLINE

Die rolprent „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom" is Saterdagaand (14 Aug.) op Ceres vertoon. Drie lede van die Boerejeug het die aand teen skemer van Wolseley begin stap om tog net 'n deeltjie van die prent te kan sien. Die afstand is byna 11 myl deur Mitchells-Pas. Hulle is Sarel Burger, Fred Lochner en „Gollie" van Staden. Laasgenoemde mag glad nie aan die Boerejeug behoort nie.

## 80-JARIGE STAP MYLE NA O.B.-FEES

### Geesdrif in Beaufort-Wes

Oral op 7 Augustus het Brandwagte weer hul trou bewys, berig die kommandant van Beaufort-Wes Suid (distrik). Baie van hierdie Kommando het ook na naburige kommando's gegaan om hul deel by te dra, maar van 'n deeltjie van die kommando moet spesiale melding gemaak word, nl. die Kouka-deel. Waarlik geen opoffering is vir hierdie offisiere en Brandwagte te groot nie. Nie 'n ryk deel nie, tog skatryk in geesdrif vir ons saak. Van motorkarre tot met dapper en stapper kom hulle. Van 'n sambok tot by 'n pragtige versierde koek, met die O.B.-vlag in kleure daarop, bring hulle. **Op pad het 'n offisier ou Tannie Swanepoel, 80 jaar oud, aangetref en opgelaai. Sy was te voet op pad fees toe, myle ver oor kliprante en in die bitter koue.** Hierdie Brandwagte wat op 7 Augustus op Syferfontein bymekaar gekom het, is 'n sieraad vir ons Beweging. Bitter droog en met nog al die bykomende struikelblokke en laste, hou hulle die O.B.-vaandel omhoog. Geen politieke modder kan hulle beweeg nie, hulle staan vas soos grou graniet.

## U.K.O.V.S. ONDERGAAN ROETINE

### Vyfjaarlikse Partypolitieke Omwenteling Versnel

Nadat die raad van die U.K.O.V.S. 'n tyd gelede besluit het dat hierdie onderwysinrigting 'n Afrikaanse karakter moet dra, is nou weer deur 'n nuut saamgestelde raad besluit om terug te gaan na die beginsel van 50-50. As gevolg hiervan het die N.G. Kerk en die Helpmekaar besluit om hul geldelike en sedelike steun aan die universiteit te onttrek.

Ons het hier 'n tipiese geval van partypolitieke vrugteloosheid. Solank party A aan bewind is, maak hy die werk van sy voorganger, party B, ongedaan. Hierdie praktyk word deurgevoer tot selfs by vee-inspekteurs. Na elke verkiesing is daar 'n nuwe klomp vee-inspekteurs in die plekke van diegene wat deur die vorige bewind aangestel was, wat weer op hul beurt in die plekke van die vorige bewind se ondersteuners aangestel was, en so hou dit aan tot in die oneindigheid. **In die partypolitiek is daar dus geen plek vir ontwikkeling nie. Dit is maar 'n gedurige afbrekery in die kleinlike stryd tussen oorlogvoerende groepe binne die staat.**

## GROOT GEESDRIF VIR O.B. GEDENKKAARTE

### *Vier Stelle in Kleure*

Groot geesdrif vir die Ossewabrandwag se gedenkkaarte word van alle kante gemeld. Nog voordat die onderneming aangekondig was, het persone al gebruik gemaak van die gedagte om in plaas van blomme geld te stort in die O.B. se fonds vir Kindersorg.

Intussen is die kaartjies ook reeds ontwerp deur komdte. mev. Ferguson-Louw en gedruk. Die ontwerpe op die verskillende kaartjies pas baie mooi by die besondere stemming wat dit simboliseer. Dit is ook in verskillende kleure wat 'n pragtige effek het. Die kaartjie by geleentheid van sterfgevalle is in swart. Voorop is die Ossewabrandwagwapen en agterop 'n kakebeenwa. 'n Boom sonder blare op die binneblad simboliseer die verlies en dit bevat die volgende Bybelteks: „Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe." Op die teenblad staan: „Ter nagedagtenis van. . . .is 'n bydrae geskenk aan die Kindersorg van die Ossewabrandwag deur. . . ."

Vir geboortes is die kaart in goud met 'n wiegie op die binneblad en op die teenblad die woorde: „Ter verwelkoming van u kindjie is. . . ." ens.

Blou is die kleur vir die kaartjie wat na die siekbed gaan. Op die binneblad sit 'n voëltjie in die oop venster. Die woorde in hierdie geval lui: „In stede van 'n blomruiker om u 'n spoedige herstel toe te wens, is 'n bydrae gestort. . . ." ens.

Vir verjaardae is die kleur silwer met 'n waentjie en pop op die binneblad. Die woorde is: „Ter herdenking aan u geboortedag is 'n bydrae geskenk aan. . . ." ens.

Die hele idee is dat 'n fonds vir baie noodsaaklike werk opgebou word uit geld wat anders verlore raak. Honderde ponde word goedsmoeds in blomme gesteek wat kort daarna verwelk. Nou dien dit 'n baie beter doel en die belangstelling word deur 'n pragtige kaartjie oorgedra aan die betrokke vriend. Hy weet dan ook dat sy geluk of droefheid 'n arm kindjie gelukkig gaan maak. Enige bedrag bo 2/6 kan gestort word.

## BOEREJEUG PRAAT MET DIE DAAD

Klein Piet Uys, 11 jaar oud, van Parksville, Newcastle, het onlangs 'n treffende voorbeeld van offervaardigheid gelewer. Sy kommandantskap was in die knyp vir 'n vet bees vir hul funksie op 8 Augustus. Hy besluit toe om van hul verleentheid gebruik te maak en bied hulle 'n baie vet koei aan, maar hy wou £10 daarvoor hê. Toe hulle besluit om die geld te betaal was hy tevrede en sê: „So ja, nou gaan ek die £10 vir Oom Tos gee vir die nuwe Offerfonds."

Genl. Tos Pienaar, gebiedsleier vir die Natalse gebied, het die geld ontvang en by het gereël dat 'n Vryheidswissel vir £10 in klein Piet Uys se naam uitgeneem word.

## DIENSLAERSTUK

Die dienslaerstuk, wat deur die Kultuur- en Voorligtingsafdeling opgestel word, is nie betyds ontvang vir hierdie uitgawe nie.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Kaapland stuur aan Posbus 1411, Kaapstad. Transvaal, Vrystaat en Natal stuur aan Posbus 4892, Johannesburg.

### VERLOWING

LE ROUX — DU PLESSIS: Hiermee word bekend gemaak dat mej. Rina le Roux van Willowmore en mnr. Flavien du Plessis van Aberdeen verloof geraak het op die 8ste Augustus.

### DOODBERIG

DE BEER. — Sag oorlede op 14 Augustus 1943, Frederik Coenraad, vroeër van Erasmuskraal, Richmond K.P. in sy 84ste jaar, aan die huis van sy skoonseun.

Die kinders, Charle en Mina du Toit.
Stellenbosch.
18/8/43.

### DANKBETUIGING

Ons bedank van harte die Vroue-Kommando van Bellville vir simpatie betoon tydens die heengaan van ons onmisbare eggenote en moeder. **P. van Heerden en klein Pietie.**

### TE KOOP

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Beseme met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

PATATRANKE. — Mooi uitgespruite Sesmaande ranke, 5/- vir 85 pond; Driemaande wit, 4/6 vir 45 pond; Borrie, 4/6 vir 45 pond. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B. **J. Gerber, P/sn., P.K. Hoekwil, Dist. George.**

PATATRANKE van die beste gehalte. Sesmaande ranke teen 5/- vir 85 pond. Borrie en Witranke, Driemaande teen 4/6 vir 45 pond. **K.M.B. S. P. Gerber, P/S. Serpentine, Dist. George.**

TAMATIEPLANTJIES „Bonnie Best" en „Margold" vir uitplanting Oktober, 12/6 per 1,000. Beet- en Slaaiplantjies, 5/- per 1,000; Spinasie 10/- per 1,000. Blomme: Zuinias, Somerasters, Afrikaners, 3/- per 100. Rhodesian Gladiola Bolle, 7/6 per 100. K.M.B. Bestellings vir groente plantjies sluit 20 September. **J. J. Smith, van Reyneveldstraat, Stellenbosch.**

GESERTIFISEERDE Arran-Chief moere van Outeniqualand-Saadaartappelkwekersvereniging teen 25/- per sak. Kontant met bestelling. Doen aansoek by Sekretaris: **R. Barnard, Langhoek, Grootbrakrivier.**

AARTAPPELMOERE. — Bied aan Arranchief-moere met A-sertifikaat teen 25/- per sak. Ook ongesertifiseerde moere, maar goed, 20/- per sak 153 pond V.O.S. Georgestasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by **H. D. Metelerkamp, Groothoek, Posbus 47, George.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo. Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

PLASE: KALWERPAN—2,000 morge, huis, 3 kampe, 2 damme met windpompe. Jakkalsproef.

DU TOITSDRAAI. — 6,204 morge, huis, 6 kampe, 4 damme met windpompe, Jakkalsproef, volop doringbome vir pale en vuurmaak. Lê aangrensend. Beide vir groot- en kleinvee. Tien en twaalf myl van Hopetown. **J. H. v. d. Walt, Soutpansput, Hopetown.**

BROEIEIERS van Australorps, Wit Leghorns, Rhodes, Geel Orpington- en Leghornkruising £2-5-0 per 100. 7/- per dosyn. Dagoudkuikens £6 per 100. Besonderhede van **J. S. Viljoen, posbus 183, Bethlehem.**

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6070 Johannesburg.**

### BETREKKINGS

DAME vir damesafdeling van Uitrustersbesigheid. Goeie besoldiging. Moet tweetalig wees en 'n deeglike ondervinding van inkoop sowel as verkoop hê. Sluit getuigskrifte en indien moontlik kiekie in en meld wanneer dienste aanvaar kan word. Doen onmiddellik aansoek: **Hugo, Bus 6, Worcester.**

DRINGEND benodig 'n eersteklas grafsteenmaker vir vooruitstrewende Afrikanerbesigheid. Doen aansoek en meld salaris verlang aan: **Zwartruggeur Monumentelewerke, P.K. Zwartruggeur.**

APPLIKASIES word gevra vir 'n Sekretaris Bestuurder. Meld kwalifikasies, ondervinding en ouderdom. Alleen persone met deeglike kennis het nodig om te appliseer daar dit 'n hoë graad pos is. Boekhou is 'n vereiste. Meld salaris verlang. Applikasies sluit 27/8/43 en moet gerig word aan **Sekretaris, Posbus 110, Potgietersrust.**

BOEKHOUDSTER of Boekhouer, vir Algemene Handelaars besigheid. Vorige ondervinding nie nodig nie. Doen dadelik aansoek met vermelding van bekwaamheid en getuigskrifte by: **Mnr. J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

### BETREKKING GEVRA

JONG ongetroude man soek betrekking as plaasbestuurder. Grondige kennis van gemengde boerdery asook werktuigkundige kennis van meganiese plaasgereedskap soos trekkers, saagmasjiene ens. Skryf aan: **H. J. Bruwer, Modderfontein, P.K. Kestell.**

### BOERDERYVENNOOTSKAP

BOERENDE vennoot benodig vir plaas in Nelspruit. 500 morg. Sterk water en reënval. Pasopgerigte moderne huis. Vennoot moet £500 kapitaal of losgoed belê vir gedeeltelike eienaarskap. Aanbeveling van twee O.B. offisiere 'n vereiste. Stuur besonderhede aan **Posbus 4892, Johannesburg.**

### KURSUS

KOM na Graaff-Reinet vir u **Kursus** in (nuwe) Volksang en Volkspele, gedurende die September-vakansie. Spesiale aandag aan onderwysers(esse) vir leiding gee en getuigskrifte. Besonderhede van: **Jan Haarhoff, Bus 115, Graaff-Reinet.**


## W. F. CARSTENS

**(Edms.) Bpk.**
**BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE**
**Centralweg 52, Fordsburg**
**Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg**
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG


## O.B.-NOODHULPFONDS

Volgens besluit word die Noodhulbydrae voortaan maandeliks geplaas. Hieronder volg die bydrae sedert 1 Mei tot 25 Julie van die verskillende gebiede, met uitsondering van Gebied A (Kaapland) wat hierdie keer nog op die gewone wyse erken word tot op 25 Julie. Aangesien dit die hele tydperk tussen 1 Mei en 25 Julie dek, sal daar in sommige gevalle herhalings wees wat by hierdie oorskakeling van metode onvermydelik is. Veral geld dit Gebied C.

**GEBIED A (TOT 25 JULIE)**

| | £ | s. | d |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 8,226 | 9 | 7 |
| Kol. Offisiersverg. Wellington | | 6 | 0 |
| Jordaan Broers Wolseley | | 4 | 4 |
| Knysna Manne-Kommando | 4 | 3 | 0 |
| Tiervlei Manne-Kommando | 3 | 10 | 6 |
| J. H. Oosthuizen Prins Albert | 5 | 0 | 0 |
| Vriend Prins Albert | 1 | 0 | 0 |
| | £8,240 | 13 | 5 |

**GEBIED „B"**

| | £ | s. | d |
|---|---|---|---|
| B1c1 | £13 | 0 | 0 |
| B2c1 | 5 | 4 | 9 |
| B5c7 | 1 | 10 | 0 |
| B5c3 en B5c8 | 4 | 11 | 5 |
| B1a1 en B1a6 | 16 | 9 | 10 |
| B6a2 en B6a6 | 45 | 0 | 0 |
| **Vir Jurgens Schoeman-Fonds** | | | |
| B3 | £6 | 13 | 4 |
| B1a6 | 1 | 1 | 0 |
| B5C7 | | 8 | 0 |
| B1 | 2 | 17 | 6 |
| B4c3 | 2 | 10 | 6 |
| | £99 | 6 | 4 |

**GEBIED „C"**

| | £ | s. | d |
|---|---|---|---|
| C8 | £25 | 0 | 0 |
| C7c8 | 1 | 10 | 0 |
| C12a8 | 2 | 4 | 3 |
| C5d2 | 8 | 0 | 0 |
| C11b1 | 2 | 7 | 6 |
| C11c8 | 1 | 18 | 0 |
| C6b6 | 2 | 0 | 0 |
| H/Kwartier-Staf | | 8 | 0 |
| C4b6 | 2 | 0 | 0 |
| C2c7 | 1 | 13 | 0 |
| C4b3 | 5 | 5 | 0 |
| C12a3 | 4 | 0 | 0 |
| C2a7 | 3 | 0 | 0 |
| C9a8 | 3 | 0 | 0 |
| C12b6 | 1 | 0 | 0 |
| C3a1 | | 10 | 0 |
| C5e6 | 1 | 17 | 6 |
| C9b6 | | 19 | 0 |
| C2b4 en C2b6 | 63 | 19 | 0 |
| C9e7 | 1 | 0 | 0 |
| C5a9 | 1 | 10 | 0 |
| Rosendal-Kom. | | 6 | 0 |
| C4b6 | 12 | 17 | 6 |
| C11d1 en 11d6 | 2 | 14 | 6 |
| Heilbron-Kom. | 1 | 1 | 0 |
| C6c2 | 5 | 0 | 0 |
| C7a8 | 1 | 0 | 0 |
| C8 | 35 | 0 | 0 |
| C5a1 | 30 | 0 | 0 |
| C3a1 | | 10 | 0 |
| C9b6 | | 17 | 0 |
| C2c7 | 2 | 6 | 0 |
| C12c7 | 6 | 0 | 0 |
| C5e6 | 1 | 7 | 0 |
| C7c1 en c6 | 13 | 8 | 9 |
| C5a6 | 2 | 9 | 6 |
| C11d1 en C11d6 | 2 | 19 | 0 |
| Vriend Bloemfontein | | 10 | 0 |
| C9b8 | 1 | 0 | 0 |
| C9e7 | 1 | 0 | 0 |
| C6b6 | 2 | 0 | 0 |
| Vriend Bloemfontein | 1 | 0 | 0 |
| C9b6 | 1 | 0 | 0 |
| C12c2 | 18 | 19 | 0 |
| C6b8 | | 8 | 0 |
| C9a1 | 5 | 0 | 0 |
| C6d6 | 3 | 19 | 6 |
| C9c6 | 10 | 0 | 0 |
| C9e8 | | 4 | 0 |
| Sentrale Hoërskool-Koshuis (Jeugfront) | | 12 | 0 |
| C4d1 en C4d6 | 6 | 2 | 0 |
| Spoorweg-Dames | 25 | 0 | 0 |
| C5a9 | 1 | 17 | 6 |
| C2c7 | | 13 | 4 |
| C9a3 | 12 | 13 | 6 |
| C7b1 | 5 | 0 | 0 |
| C11b6 | 2 | 5 | 0 |
| C2c2 | 2 | 0 | 0 |
| C7b2 | 1 | 15 | 0 |
| C7b6 | 3 | 0 | 0 |
| C4b7 | 2 | 5 | 6 |
| C2a2 en C2a7 | 3 | 0 | 0 |
| C7c8 | 2 | 0 | 0 |
| C6a6 | | 15 | 6 |
| C9d1 | 9 | 0 | 0 |
| C3b6 | 1 | 19 | 6 |
| C6b2 en 6b7 | 7 | 10 | 6 |
| C5d2 | 8 | 0 | 0 |
| C4b1 (Jeugfront) | | 10 | 0 |
| C4b1 | 1 | 14 | 6 |
| C11d8 | 2 | 10 | 0 |
| C5d6 | 5 | 0 | 0 |
| H/Kwartierstaf | | 11 | 0 |
| C9a7 | 5 | 0 | 0 |
| CJ1c6 | | 17 | 6 |
| C2a1 | | 10 | 0 |
| C2a2 | 5 | 0 | 0 |
| C2a3 | 5 | 8 | 5 |
| C2b1 | 5 | 4 | 0 |
| C3c3 | 4 | 19 | 2 |
| C2c7 | 1 | 5 | 0 |
| C2c8 | 6 | 6 | 6 |
| C3c1 | 12 | 6 | 0 |
| C3C6 | 4 | 0 | 6 |
| C5b3 | 5 | 0 | 0 |
| C5b6 | 9 | 2 | 9 |
| C5d1 | | 15 | 0 |
| C5d6 | 2 | 18 | 0 |
| C6a1 | 3 | 4 | 0 |
| C6a2 en C6a7 | 5 | 8 | 6 |
| C6B8 | | 6 | 0 |
| C7a6 | 4 | 11 | 0 |
| C7a7 | 1 | 11 | 0 |
| CJ7e6 | | 8 | 4 |
| C7a3 en C7a8 | 23 | 6 | 6 |
| C8a8 | 2 | 0 | 0 |
| C8b6 | 1 | 2 | 6 |
| C8b8 | 1 | 0 | 0 |
| C8c2 | 60 | 0 | 0 |
| C8e3 | 5 | 0 | 0 |
| C8e7 | 1 | 2 | 0 |
| C8e8 | | 14 | 0 |
| C9b1 | 2 | 2 | 6 |
| C9c8 | 2 | 0 | 0 |
| CJ9c8 | 4 | 0 | 0 |
| C10a1 | 7 | 5 | 0 |
| C10a3 | 4 | 0 | 0 |
| C10a7 | 1 | 18 | 3 |
| C10a8 | 4 | 6 | 0 |
| C10b6 | 1 | 0 | 0 |
| Spoorweg-Dames-Kom. | 24 | 9 | 3 |
| Hoofkwartierstaf | | 8 | 0 |
| Vriend Bloemfontein | | 10 | 0 |
| Vriend Bloemfontein | 8 | 3 | 6 |
| Vriend Bloemfontein | 1 | 4 | 0 |
| Vriend Bloemfontein | 2 | 0 | 0 |
| | £630 | 6 | 1 |

**GEBIED „D"**

| | £ | s. | d |
|---|---|---|---|
| 1 Mei | £29 | 10 | 5 |
| 29 Mei | 3 | 14 | 0 |
| 1 Junie | 34 | 0 | 0 |
| 23 Junie | 67 | 16 | 4 |
| 9 Julie | 15 | 0 | 0 |
| 17 Julie | 14 | 0 | 0 |
| | £164 | 0 | 0 |

**GEBIED „E"**

| | £ | s. | d |
|---|---|---|---|
| E1A1 | £10 | 0 | 0 |
| E1A2 | 15 | 0 | 0 |
| E1A3 | 12 | 10 | 0 |
| E1A6 | 30 | 12 | 4 |
| E1A7 | 10 | 0 | 0 |
| E1B1 | 19 | 0 | 0 |
| E1B2 | 46 | 1 | 9 |
| E1B3 | 25 | 3 | 0 |
| E1B6 | 12 | 7 | 0 |
| E1B7 | 17 | 11 | 0 |
| E1B8 | | 17 | 3 |
| E1C1 | 35 | 0 | 0 |
| E1C2 | 31 | 2 | 5 |
| E1C6 | 2 | 12 | 6 |
| E1C7 | 23 | 16 | 7 |
| E2A1 | 35 | 5 | 0 |
| E2A2 | 5 | 0 | 0 |
| E2A8 | 6 | 10 | 0 |
| E2B1 | 13 | 5 | 6 |
| E2B2 | 4 | 11 | 0 |
| E2B3 | 1 | 0 | 0 |
| E2B7 | 5 | 0 | 0 |
| E2B8 | 15 | 9 | 9 |
| E2C1 | 4 | 0 | 0 |
| E2C2 | 27 | 8 | 3 |
| E2C3 | 2 | 10 | 0 |
| E2C7 | 1 | 2 | 0 |
| E2C8 | 27 | 8 | 3 |
| E3 | 2 | 10 | 9 |
| E3A1 | 3 | 12 | 6 |
| E3A2 | 2 | 0 | 0 |
| E3A3 | 16 | 14 | 0 |
| E3A6 | 9 | 16 | 9 |
| E3A8 | 6 | 14 | 6 |
| E3B1 | 3 | 5 | 10 |
| E3B2 | 7 | 10 | 9 |
| E3b6 | 6 | 10 | 0 |
| E3C1 | 2 | 4 | 6 |
| E3C2 | 31 | 6 | 0 |
| E3C6 | 42 | 18 | 0 |
| E3C7 | 25 | 2 | 6 |
| E3C8 | 11 | 5 | 6 |
| EJ3 | 2 | 8 | 0 |
| E4A1 | 28 | 11 | 0 |
| E4A2 | 4 | 4 | 0 |
| E4A3 | 3 | 15 | 0 |
| E4A6 | 28 | 5 | 6 |
| E4B1 | 7 | 0 | 0 |
| E4B2 | 4 | 0 | 0 |
| E4B6 | 24 | 0 | 0 |
| E4B7 | 3 | 4 | 1 |
| E4C1 | 10 | 0 | 0 |
| E4C2 | 23 | 10 | 0 |
| E4C3 | 21 | 16 | 0 |
| E4C7 | 23 | 10 | 3 |
| E4C8 | 35 | 4 | 0 |
| E5A1 | 21 | 8 | 0 |
| E5A2 | 31 | 6 | 3 |
| E5A3 | 26 | 12 | 6 |
| E5A6 | 23 | 9 | 6 |
| E5A7 | 8 | 3 | 0 |
| E5A8 | 7 | 10 | 0 |
| E5B1 | 38 | 1 | 10 |
| E5B2 | 16 | 9 | 8 |
| E5B3 | 20 | 19 | 0 |
| E5B6 | 25 | 7 | 3 |
| E5B8 | 5 | 14 | 1 |
| E5C1 | 50 | 9 | 3 |
| E5C2 | 39 | 12 | 5 |
| E5C3 | 45 | 17 | 9 |
| E5C6 | 20 | 14 | 6 |
| E5C7 | 18 | 4 | 0 |
| E5C8 | 15 | 7 | 9 |
| E6A6 | 8 | 16 | 1 |
| E6A7 | 3 | 8 | 0 |
| E6A8 | 1 | 0 | 0 |
| E6B1 | 10 | 0 | 0 |
| E6B2 | 11 | 16 | 9 |
| E6B3 | 8 | 1 | 6 |
| E6B6 | 6 | 0 | 0 |
| E6B7 | 5 | 10 | 0 |
| E6B8 | 7 | 5 | 0 |
| E6C1 | 6 | 16 | 9 |
| E6C2 | 10 | 0 | 0 |
| E6C3 | 3 | 5 | 3 |
| E6C6 | 9 | 6 | 0 |
| E6C7 | 1 | 6 | 0 |
| E7 (Slagvee) | 55 | 7 | 6 |
| E7C2 | 19 | 15 | 1 |
| E7C6 | 43 | 3 | 6 |
| E7C7 | 19 | 15 | 1 |
| E8A2 | 30 | 15 | 0 |
| E8A3 | 1 | 0 | 0 |
| E8A6 | 23 | 3 | 0 |
| E8A7 | 47 | 3 | 8 |
| E8A8 | 36 | 6 | 9 |
| E9A1 | 5 | 15 | 0 |
| E9B6 | 19 | 16 | 0 |
| E9C2 | 2 | 0 | 0 |
| E9C7 | 2 | 16 | 0 |
| E10B2 | 10 | 0 | 0 |
| E10C3 | 4 | 10 | 0 |
| E10C8 | 4 | 10 | 0 |
| Kollekte H/K. A. Röscher | 16 | 12 | 0 |
| Bydraes | 101 | 9 | 8 |
| | £1,783 | 8 | 4 |

**GEBIED „F"**

| | £ | s. | d |
|---|---|---|---|
| F2b7 | £5 | 12 | 1 |
| F3a7 | 2 | 9 | 1 |
| F2a2 | 5 | 13 | 6 |
| F2a7 | 3 | 0 | 0 |
| F4a3 | 2 | 2 | 6 |
| F2b6 | 8 | 10 | 9 |
| F5a1 | 5 | 4 | 9 |
| F5a6 | 5 | 4 | 9 |
| F2b8 | 2 | 4 | 0 |
| F3c7 | 3 | 10 | 3 |
| F5c1 | 51 | 11 | 1 |
| F5 | 3 | 8 | 1 |
| F5a8 | 6 | 14 | 7 |
| F2b2 | 12 | 5 | 2 |
| F1b7 | 13 | 0 | 0 |
| F5c3 | 20 | 1 | 0 |
| F2c6 | 15 | 12 | 9 |
| F3c2 | 2 | 3 | 9 |
| F1b2 | 3 | 0 | 0 |
| F2a1 en 2a6 | 15 | 18 | 8 |
| F3a6 | 5 | 6 | 6 |
| F3a1 | 10 | 0 | 0 |
| F5c7 | 4 | 10 | 6 |
| F5c2 | 12 | 13 | 6 |
| F3c7 | 5 | 10 | 0 |
| F5a3 | 11 | 18 | 0 |
| F5a6 | 11 | 18 | 0 |
| F2b1 | 2 | 17 | 0 |
| F2b7 | 6 | 10 | 0 |
| F2b3 | 9 | 19 | 3 |
| Boerevriend | 1 | 0 | 0 |
| Eddie, Rid en Petrus Erasmus | | 10 | 6 |
| Dendron-Boerejeug | | 9 | 6 |
| J. J. Naudé | 20 | 10 | 0 |
| Engela du Plessis | | 10 | 0 |
| Miemie le Roux | | 5 | 0 |
| Cathrina Swanepoel | | 5 | 0 |
| | £291 | 19 | 6 |


## W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

***Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.***

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**



## *Belangrike Boeke*

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström . . . 6/6 p.v.

**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström . . . 6/6 p.v.

**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam . . . 6/6 p.v.

**Skandinawiese Vertellinge** . . . 4/6 p.v.

**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar . . . 6/6 p.v.

**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt . . . 1/6 p.v.

**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten . . . 5/6 p.v.

**Stuur u bestelling aan**

**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Die Laan — Stellenbosch**


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.